# HOOFSTUK VII.

## PRIMÊRE ONDERWYS ONDER DIE WITWATERSRAND-WES-SKOOLRAAD: 1908 - 1939.

### 1. Die Witwatersrand-Wes-Skoolraad.

#### a) Stigting.

Die ampsduur van die skoolraad wat in Mei 1907 gekies is[1] en die eerste skoolraad op 1 Junie 1907 opgevolg het[2], was nie lank nie. Kragtens die Smuts-Onderwyswet is die Krugersdorpse distrik in twee skoolraadsdistrikte verdeel[3]: die Witwatersbergse Skoolraad, met beheer oor die skole in die kiesafdeling Witwatersberg, en die Witwatersrand-Wes-Skoolraad, ook genoem Wes-Randse Skoolraad, met toesig oor die skole in die stemdistrikte Krugersdorp, Randfontein, Roodepoort en Maraisburg[4]. Die Skoolrade wat ooreenkomstig die Wet in Desember 1907 gekies is, het hul werksaamhede in Januarie 1908 begin[5].

Die Witwatersrand-Wes-Skoolraad, wat aanvanklik bestaan het uit twaalf lede, is in 1922 verminder tot nege en in 1930 tot ses lede. Twee-derdes van die lede is gekies deur die stemgeregtigde burgers in die kiesafdeling, terwyl een-derde benoem is[6]. Daar was nie groot belangstelling in die skoolraadsverkiesing wat op 18 Desember 1907 gehou is nie[7], want van die 6125 stembriewe wat uitgestuur is, is daar slegs 1750 terug ontvang[8]. As verkiesingsbeampte het opgetree assistent-magistraat J. Young[9].

---

1. The Krugersdorp Standard, 4.5.1907.
2. T.O.D. Jaarverslag 1906, Bylae III.
3. Ibid., 1907, Bylae I (Tweede lys).
4. Idem.
5. The Krugersdorp Standard, 4.1.'08.
6. Idem.
7. Ibid., 21.12.'07.
8. Ibid., 11.1.'08.
9. Ibid., 26.10.'07 (Advertensie).

b) Samestelling.

In die tydperk 1908 - 1939 het tien verskillende skoolrade diens gedoen. Volledigheidshalwe word die samestelling van die verskillende Rade hier genoem[1]:

| Raad | Datum van eerste vergadering | Voorsitter | Ander lede. |
|---|---|---|---|
| Eerste | 7.1.'08 | F.S. Tudhope | Dr. C.E. Ligertwood, H.J. Blevin, P.S. May, A.C. McNaughton, H. Osborn, S.C. Steil, J.H. Erasmus, J.C.J. van Rensburg, J. Seehoff, eerw. W.H. Lowther en H.L. Hugo. |
| Tweede | 15.7.'10 | S.C. Steil | J.P.J. v.d. Merwe, P.S. May, H.C. Rawsden, H.L. Hugo, dr. W. Adam, A.H. James, D. Moller, A.C. McNaughton, H.J. Blevin, H. Thomas, J. Seehoff. |
| Derde | 17.7.'13 | J. Seehoff | A.H. James, eerw. W.A. Goodwin, eerw. C. Steer, A. Scott, W.T. Hall, M. Alexander, H.L. Hugo, J.F. Naude, J.M. McNeil, J.T. Harrison, ds. G. Radloff. |
| Vierde | 28.7.'16 | J.T. Harrison | W.H. Crawford, eerw. W.A. Goodwin, eerw. A.A. Flett, H. Friedman, E.O. Olivier, A.E. Barker, H.L. Hugo, J. Hoatson, P.R. Retief, H. v. Zyl, eerw. E. Dunstan. |
| Vyfde | 24.7.'19 | E.H. Hogge | P.S. May, J.T. Harrison, J.B. Hugo, dr. D.E. Hertslet, M. Alexander, J.A. Dieperink, P.R. Retief, eerw. W. Smart, ds. D.P. du Plessis, J.C.K. Pollock, A.H. van Zyl. |
| Sesde | 31.7.22 | J.B. Hugo | Eerw. R.J. Charlton, J.A. Dieperink, S.J. de Swardt, L.P.R., N. Toomey, eerw. J.A. Cutten, ds. C.J. Ebersohn, eerw. R.A.H. Urguhart, ds. J.H.R. Bartlett. |

1. Argief Witwatersrand-Wes-Skoolraad: Minutes Witwatersrand West Schoolboard, 7.1.'08, 15.7.'10, 17.7.'13, 28.7.'16, 24.7.'19, 31.7.'22, 11.8.'26, 31.7.'30, 27.8.'34, 28.7.'37.

| Raad | Datum van eerste vergadering | Voorsitter | Ander lede. |
|---|---|---|---|
| Sewende | 11.8.'26 | J.B. Hugo | Eerw. R.J. Good, N. Toomey, A.V.J. Lockie, J.B. Mackenzie, ds. J.H.R. Bartlett, eerw. W. Menzies, ds. J.T. Maartens, A. Dawson-Douglas. |
| Agste | 31.7.'30 | J.B. Hugo | A. Düring, J.B. Mackenzie, W.P. Boshoff, dr. L.O. Vercueil, ds. J.H.R. Bartlett. |
| Negende | 27.8.'34 | J.B. Hugo | A. Düring, dr. L.O. Vercueil, dr. L.D. Adler, J.B. Mackenzie, A. Dawson-Douglas. |
| Tiende | 28.7.'37 | J.B. Hugo | A. Düring, ds. P.S. Grobler, dr. A.E. Drotske, dr. L.O. Vercueil, J.B. Mackenzie. |

Na 'n onafgebroke dienstyd van negentien en 'n half jaar het J.B. Hugo in 1939 bedank[1]. J.B. Mackenzie het in dieselfde jaar na 'n dienstyd van twaalf jaar uitgetree[2]. A. Düring het voorsitter geword en W.C. Palk en kolonel W. Crewe-Brown het die vakatures gevul[3].

c) Sekretaris van die Skoolraad.

Die eerste Skoolraad het die heer C.C. Allsopp benoem tot sekretaris[4]. Die werksaamhede het gou sodanig uitgebrei dat dit nie deur een persoon behartig kon word nie, en derhalwe is G.J. Marthan benoem tot hulpsekretaris in 'n deeltydse hoedanigheid teen 'n vergoeding van £90 per jaar[5].

Na ongeveer twintig jaar diens is die sekretaris oorlede[6] en opgevolg deur C.V. Allsopp[7]. In 1934 het George

1. Minutes Witwatersrand West School Board, 11.1.'39.
2. Ibid., 1.2.'39.
3. Ibid., 30.11.'39.
4. Ibid., 22.1.'08.
5. Ibid., 8.4.'09.
6. Ibid., 11.10.'28.
7. Ibid., 15.11.'28.

Spedding die sekretaris geword[1].

Tot middel 1930 is die notule net in Engels gehou en sedertdien om die beurt in Engels en Afrikaans[2].

2. Inspeksie.

a) Algemeen.

(i) Die skole op die Wes-Rand het oor die algemeen beskik oor bekwame hoofde en gesertifiseerde onderwysers. Werk van 'n goeie gehalte is gelewer. Inspekteur F. Handel Thompson het reeds in 1908 'n duidelike vooruitgang bespeur[3]. Klagtes van ouers en skoolkommissies oor swak inspeksierapporte het die uitsondering geword[4].

J.D. Kerrich, wat F.H. Thompson in 1918 as inspekteur van skole opgevolg het, het afgesien van hoofdelike inspeksie, omdat die hoofde van skole met inskrywings van 200 tot 600 syns insiens nie hulp nodig gehad het om te besluit of leerlinge bekwaam was om bevorder te word nie. Hy het sy tyd daaraan bestee om vas te stel wat daar in die skole gedoen word, en leiding gegee waar dit nodig was. Hy het klassikale inspeksie ingestel en self vrae vir die eindeksamen opgestel[5].

Die bevinding van C.H. Acheson, wat Kerrich in 1922 opgevolg het, was dat die grootste persentasie onderwysers hardwerkend was, dat goeie werk gedoen word en slegs sang en teken nie altyd tot hulle reg gekom het nie[6]. Hierdie inspekteur was 'n sterk voorstander van 'n dubbelsessieskooldag, soos toegepas deur die Roodepoortskool, asook die verfraaiing van skoolterreine. Hy het baie daartoe

---

1. Minutes Witwatersrand West School Board, 25.6.'34.
2. Ibid., 31.7.'30.
3. T.O.D. Jaarverslag 1908, 55.
4. Minutes Witwatersrand West School Board, 15.11.'11. ook Ibid., 15.2.'12.
5. T.O.D. Jaarverslag 1920, 148 - 150.
6. Ibid., 1923, 153.

bygedra om die skoolgronde daar aantrekliker te laat uitsien deur onderwysers aan te moedig om sierbome en blomme aan te plant[1].

In 1927 is Acheson opgevolg deur J.J. Strassheim, wat hom beywer het vir individuele en groepwerk ten einde die meer begaafde leerlinge in staat te stel om die skoolkursus in 'n korter tydperk te deurloop[2].

Inspekteur F.W. Mills, wat in 1928 en 1929 hier verantwoordelik was, het bevind dat die meeste skoolhoofde die modernste metodes van onderwys in die skole toegepas het. Die onderwysers het binne sowel as buite die skool met geesdrif gewerk, en hulle werk het hulle tot eer gestrek[3]. Die bevindings van inspekteurs J.J. Strassheim, S.R. Ackermann, A. Stephen, J.C. Pauw en J.R. Lynch wat agtereenvolgens tot 1938 hier werksaam was, was soortgelyk[4].

Vanaf 1938 was inspekteurs H. Voss en S.R. Ackermann gesamentlik verantwoordelik vir die skoolraadsdistrikte Witwatersrand-Wes en Witwatersberg.

Teen hierdie tyd het feitlik alle skole reeds beskik oor mooi skooltuine en was die skoolgronde met sierbome verfraai. Hierdie vooruitgang was grotendeels toe te skryf aan die waardevolle hulp wat skoolhoofde ontvang het van die parkkuratore te Krugersdorp, Randfontein en Roodepoort-Maraisburg.

Die benoeming van twee instrukteurs vir Liggaamlike Opvoeding[5], wat ook klasse aan diensdoende onderwysers gegee het, het die vak Liggaamsoefeninge in hierdie tyd-

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1925, 100.
2. Ibid., 1927, 12.
3. Ibid., 1929, 58.
4. Ibid., 1933, 14 en 1937, 96.
5. Ibid., 1939, 122.

perk 'n groot stoot vooruit gegee. Ook Kunsvlyt het deur hulle bemoeiing sterk op die voorgrond getree. Spesialiste in Kunsvlyt het reekse lesings en demonstrasies aan diensdoende onderwysers gegee, en sodoende belangstelling gewek en die nuwe vak op skool bevorder[1].

'n Verdere voorwaartse stap is gedoen toe daar in 1939 'n klas vir agterlike kinders by die Burgershoopskool gestig is[2].

Mettertyd het daar verbetering gekom ten opsigte van twee aspekte wat doeltreffende onderwys gestrem het: Eerstens het tot omstreeks 1927 min skole beskik oor 'n biblioteek. By enkele skole is 'n biblioteek aangetref, maar die meeste van die boeke was ongeskik vir 'n laerskool. Aanvullende leesstof, veral in Afrikaans, was feitlik onverkrygbaar; derhalwe het die besluit wat die Uitvoerende Komitee in 1927 geneem het, om ook Witwatersrand-Wes by die Skoolbiblioteekskema in te sluit, die onderwys in hierdie gebied tot 'n groot mate ten goede gekom[3]. Tweedens het die Wes-Randers minder rondgetrek, en het die skoolbesoek sodoende verbeter.

(ii) Inskrywing en Skoolbesoek.

Die blanke bevolking van die Rand, wat merkwaardig vlottend was, het 'n nadelige uitwerking op die onderwys gehad. In 1912, byvoorbeeld, was die gemiddelde persentasie oorplasings besonder hoog. Onderstaande tabel toon aan dat nie net kinders nie maar ook onderwysers baie van skole verwissel het[4].

1. Skrywer het die klasse in sowel Liggaamsoefeninge as Kunsvlyt bygewoon.
2. T.O.D. Jaarverslag 1939, 122.
3. Ibid., 1927, 112.
4. Ibid., 1912, 243 - 244.

| | |
|---|---|
| Aantal op die rol op 28 Oktober 1912 .......... | 2988 |
| Aantal op dieselfde skool sedert Januarie 1912 . | 1765 |
| Gedurende die jaar toegelaat .................. | 2080 |
| Gedurende die jaar die skool verlaat .......... | 1915 |
| Aantal onderwysers, hoofde ingesluit .......... | 94 |
| Aantal onderwysers die hele jaar aan dieselfde skool .................................. | 69 |
| Aantal onderwysers slegs een kwartaal aan dieselfde skool ............................ | 29 |
| Aantal klasse in alle skole .................. | 77 |
| Aantal klasse met dieselfde onderwyser deur die hele jaar ............................. | 43. |

Die feit dat in 1913 slegs 22% van die standerd 6-leerlinge op Maraisburg en slegs 3% van die kinders in dieselfde klas op Randfontein nog net die één skool besoek het[1], bewys hoe volttend die bevolking was. Die skoolbesoek as sodanig was egter nie swak nie, want in genoemde jaar was die gemiddelde skoolbesoek op die Rand 91%[2].

By Ordonnansie No. 7 van 1912 is skoolplig verhoog tot vyftien jaar of standerd 5[3]. Slegs 'n geringe persentasie leerlinge het in die skool gebly om die laerskoolkursus te voltooi[4], daarom het die Wes-Randse Skoolraad in 1917 aanbeveel dat sestien jaar of standerd 6 die grens van verpligte skoolbesoek moes wees[5].

In 1927 het die Wes-Randse Skoolraad die grens van verpligte skoolbesoek gestel op vyftien jaar ongeag die standerd waarin die leerling was[6]. By Administrateursproklamasie No. 3 van 1933 is die grens van leerplig verhoog

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1913, 125.
2. Ibid., 4.
3. Minutes Witwatersrand West School Board, 30.6.'30. Verslag van voorsitter.
   Coetzee: Onderwys in Transvaal, 124.
4. T.O.D. Jaarverslag 1913, 125.
5. Ibid., 1917, 28.
6. Ibid., 1927, 112.

tot sestien jaar of standerd 8[1].

Die inskrywing en aantal skole het aanmerklik toegeneem in die tydperk 1908 tot 1939, nie net omdat die grens van verpligte skoolbesoek verhoog is nie maar ook as gevolg van die bevolkingsaanwas.

b) Taalonderrig.

T.C. Stoffberg, die inspekteur van Hollands op die Wes-Rand, het in 1908 gevind dat op weinige uitsonderinge ná alle leerlinge hulle op die aanleer van Hollands toegelê het. Oor die algemeen was die standaard egter nog benede peil[2]. Afrikaanse ouers was dikwels ontevrede omdat hulle kinders so stadig gevorder het. Die oorsaak van die langsame vordering was daarin te vinde dat te vroeg begin is om die kinders deur middel van 'n vreemde taalmedium te onderrig. Hollandssprekende kinders het dikwels van die grade af hulle onderrig in lees en Bybelse geskiedenis deur die medium Engels ontvang. Die inspekteur het dit opvoedkundig verkeerd gevind:

> „Kinderen behoren gedurende hun eerste en tweede schooljaar onderricht slechts in en door de moedertaal te ontvangen"[3].

Die onderwysers was meestal gewillig om die Hollandse taal te bevorder, en die inspekteur het die Engels-eentalige onderwysers sterk aangemoedig om hulle te bekwaam om deur beide taalmediums onderrig te gee[4]. Die Engelse onderwysers het Hollandse klasse bygewoon om hulle te bekwaam in die taal en het die aanleer van Hollands in die skole bevorder, want in 1909 het 98% van die leerlinge in Engels-

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1933, 23.
2. Ibid., 1908, 102.
3. Idem.
4. Minutes Witwatersrand West School Board, Afskrif Brief No. 11/672. T.C. Stoffberg aan die Sekretaris van Onderwys.

mediumskole onderrig in Hollands ontvang[1].

H. Visscher, die inspekteur van Hollands vanaf 1910, het gevind dat weens die vryheid wat aan hoofde gelaat is met die indeling van hulle werkroosters, Hollands in die Engelsmediumskole nog aan die kortste end getrek het. Teenoor ses tot agt uur Engelse taalonderwys per week is in die reël nie meer as twee uur per week aan Hollands gegee nie[2]. Aan die einde van 1911 het hy egter flinke vooruitgang gerapporteer[3].

As gevolg van artikel 137 van die Grondwet wat met Unifikasie tot stand gekom het en wat Engels en Hollands as gelykwaardige offisiële tale van die land gereël het, was 'n verandering van die Smuts-wet noodsaaklik. Hierdie wysiging is teweeggebring deur die Rissik-ordonnansie of Taalordonnansie No. 5 van 1911, wat op 1 Januarie 1912 in werking getree het. Hierdie Ordonnansie het die taalbepalinge van die Smuts-wet soos volg vervang[4]: Die moedertaal of huistaal sal die verpligte medium van aanvangsonderwys wees. Die tweede taal (Hollands of Engels) kan vanaf standerd 5 as voertaal ingevoer word as die ouers dit verlang. As die ouers vanaf standerd 5 albei tale as voertaal kies, sal die Skoolraad bepaal watter vakke deur medium van Engels en watter deur Hollands geneem moet word.

Die werking van hierdie Ordonnansie het drie tipes skole op die Wes-Rand laat ontwikkel[5]: Engelsmediumskole, Hollandsmediumskole en skole waar albei die mediums gebruik is. Die Krugersdorpse Dorpskool het 'n Engelsmediumskool gebly, aan die French Randskool is een klas

1. T.O.D. Jaarverslag 1909, 101 - 102.
2. Ibid., 1910, 166.
3. Ibid., 1911, 102 - 104.
4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 124.
5. T.O.D. Jaarverslag 1912, 11 - 15.

met Hollandsmedium en aan die Roodepoortskool twee Hollandsmediumklasse gestig, terwyl Weltevreden (Fairland) 'n Hollandsmediumskool geword het.

Vanaf 1912 het Hollands as leervak langsamerhand tot sy reg gekom; maar daar was nog behoefte aan duidelike bepalings, want die mediumsirkulêres van die Departement is dikwels verkeerd verstaan. Vir inspekteur F.H. Thompson was daar net een weg om die taalkwessie op te los, en dit was die oprigting van afsonderlike enkelmediumskole[1], 'n sienswyse wat met hom gedeel is deur J. Lub, die inspekteur van Hollands:

> „In my opinion the child should be educated entirely through one medium and the second language should be taught as a foreign language by efficient teachers"[2].

In die jare 1914 tot 1916 het Hollands in die Engelsmediumskole weinig vooruitgegaan, wat toegeskrywe moes word aan rondtrekkery, die groepering van leerlinge vir Hollandse klasse, die gebrek aan bekwaamheid by onderwysers om die vak te onderrig en 'n gebrek aan 'n verskeidenheid Hollandse boeke na standerd 3. Die Rebellie het ook 'n nadelige uitwerking gehad en selfs daartoe bygedra dat ouers aansoek gedoen het om vrystelling vir hulle kinders van die bywoning van Hollandse klasse[3]. Eers in 1917 het inspekteur J. Lub 'n vooruitgang bespeur, wat hy veral toegeskrywe het aan die vermeerdering van die Afrikaanse element aan die Rand[4].

In Hollandsmediumskole is Hollands goed onderwys en was die standaard van werk wat deur die medium onderrig is

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1912, 245 - 247.
2. Ibid., 1915, 146.
3. Ibid., 1914, 105 - 106; 1915, 145; 1916, 126.
4. Ibid., 1917, 155.

baie bevredigend[1]. Langsamerhand het die skole Afrikaansmediumskole geword. Skole wat Afrikaans as voertaal gebruik het, was vanaf 1917 verplig om Afrikaans as skoolvak in te voer[2]. Die invoering van Afrikaans as skoolvak het met ongelyke skrede gevorder, veral as gevolg van die gebrek aan leerboeke. Waar hierdie moeilikheid te bowe gekom is, was die vordering van die leerlinge eenvoudig verbasend[3]. Teen die einde van 1921 het Afrikaans die plek van Hollands ingeneem[4].

Die bevolking op die Wes-Rand en veral in Krugersdorp het beide landstale met erns aangeleer, sodat die dorp in 1928 beskou is as

> „a 'two-language' urban area where the languages exist side by side, neither predominating"[5].

Moeilikhede in verband met die nakoming van die bepalings van die Taalordonnansie het voortgeduur, omdat daar steeds 'n aantal ouers was wat hulle kinders deur 'n medium wou laat onderrig wat nie hulle huistaal was nie, of waar die een taalgroep so 'n minderheid gevorm het dat parallelklasse nie prakties moontlik was nie[6]. 'n Groot wending ten gunste van Afrikaansmediumskole het in 1934 gekom toe Ordonnansie No. 17 van 1934 tot wysiging van die „Onderwyswet (Taal) Amendement Ordonnantie 1911", in werking getree het[7]. As gevolg van die toepassing van hierdie Wet en die toevloei van Afrikaners na die Rand het die inskrywing van Engelsmediumskole op die Wes-Rand aanmerklik afgeneem en die aan die Afrikaansmediumskole

1. T.O.D. Jaarverslag 1915, 145; 1916, 126.
2. Ibid., 1917, 155.
3. Ibid., 1918, 164.
4. Ibid., 1921, 114.
5. Ibid., 1928, 62.
6. Ibid., 1918, 131.
7. Ibid., 1934, 11 - 12.

snel toegeneem, soos blyk uit die rapport van die voorsitter van die Wes-Randse Skoolraad in Junie 1937[1]:

| | Aantal leerlinge | | |
|---|---|---|---|
| | 1930 | 1934 | 1937 |
| Afrikaansmedium .......... | 2667 | 3639 | 5137 |
| Engelsmedium ............ | 3940 | 3785 | 3601 |

3. Voorsiening van Skole en Geboue.

In 1909 het die Wes-Randse Skoolraad toesig gehad oor elf skole wat binne die Krugersdorpse distriksgrense was. In die volgende twee jaar is daar slegs twee ondersteunde skole geopen naamlik te Rietvlei en Boschkop. In hierdie tydperk is daar klaskamers aangebou by verskillende skole, terwyl die Hambergskool in aanbou was en die Weltevredenskool (Fairland) geriefliker gehuisves is in 'n sinkgebou wat voorheen op Newlands gebruik is[2]. Uitgesonderd die geboue van die Church Street-en Grammarskole, wat veel te wense oorgelaat het, was die skoolgeboue binne die Krugersdorpse munisipale grense in hierdie jare almal doeltreffend[3].

In 1911 is nuwe skole geopen te Lancaster West en Randfontein (Blok A), en twee jaar later is die Krugersdorp-Wes-skool geopen, terwyl Roodepoort 'n nuwe gebou gekry het wat 550 leerlinge kon huisves. Op hierdie tydstip was die Fairland-, Kerkstraat-, Lancaster West- en Maraisburgskole nog in tydelike geboue gehuisves[4].

In 1914 is die Krugersdorpse Juniorskool wat vir 250 leerlinge gebou is, sowel as skooltjies te Bantjes en

1. Minutes Witwatersrand West School Board, 9.6.'37. Hierdie getalle sluit die syfers in van 'n aantal skole wat buite die grense van die distrik Krugersdorp is.
2. T.O.D. Jaarverslag 1910, 159 en 279.
3. Argief Krugersdorpse Stadsraad: Mayor's Minutes 1909, 86.
4. T.O.D. Jaarverslag 1913, 210, en 124 - 125.

Millsite geopen, terwyl die Randfonteinskool sy intrek kon neem in 'n nuwe gebou wat vir 250 leerlinge opgerig is[1]. Twee jaar later het ook Maraisburg 'n nuwe gebou gekry en is daar twee eenmanskooltjies geopen, een te Princess en die andereen te Krugersdorp, die sogenaamde „Children's Home"[2].

In 1917 het Kerkstraatskool 'n nuwe gebou gekry en is daar ook aangebou by die skole te Burgershoop, Krugersdorp-Wes en Randfontein[3]. In die volgende jaar is die Roodepoort-Noord-Hollandsmediumskool in 'n nuwe gebou geopen[4]. In 1919 is die Krugersdorp-Noordskool in 'n nuwe gebou geopen en die Boschkopskool in 'n woonhuis. By verskillende skole is aangebou om die groot gebrek aan ruimte enigsins te verlig[5].

In 1920 was daar so 'n toename van leerlinge na die groter skole dat van sink- en kerkgeboue gebruik gemaak moes word om die surplus leerlinge te huisves. Fairland het in hierdie jaar 'n nuwe gebou gekry, en 'n nuwe skool, die Krugersdorp-Oosskool, is geopen[6].

In die tydperk 1919 tot 1922 het die inskrywing aan die skole onder die Wes-Randse Skoolraad met 12.5% toegeneem, en tog is daar baie min gebou, omdat die Administrasie nie oor die nodige middele beskik het nie[7].

Tydens die dienstyd van die sesde Skoolraad (1922 - 1926) het die leerlingtal weens die depressietoestande nie veel vermeerder nie. Hoewel geboue ter waarde van

1. T.O.D. Jaarverslag 1914, 114 en Bylaes 111 en 1V.
2. Ibid., 1916, 136 en bylae 111.
3. Ibid., 1917, 171.
4. Ibid., 1918, Bylae 111.
5. Ibid., 1919, 127 en Bylaes 111 en X11.
6. Ibid., 1920, 148 en Bylae 111.
7. Minutes Witwatersrand West School Board, 14.6.'22. Verslag van die voorsitter, J.B. Hugo.

£23,583. 12. 4 opgerig is, is die agterstand ten opsigte van akkomodasie nie ingehaal nie[1]. In die volgende jaar het Randgate 'n nuwe skoolgebou gekry en is daar by verskillende skole klaskamers aangebou[2]. In die tydperk 1926 tot 1930 het die Skoolraad goedkeuring verkry vir die oprigting van skoolgeboue ten bedrae van £26,962 en is die gebied taamlik goed voorsien van skoolgeboue[3].

In 1933 is die Krugersdorp-Wes-Engelsmediumskool geopen[4] en in 1937 die Oatlandsskool asook die Randfonteinse Afrikaansmediumskool[5].

In 1939 is die West Rand Consolidated Myneskool geopen in 'n gebou wat £4164 gekos het[6].

Die oprigting van die een na die ander nuwe skoolgebou sowel as addisionele klaskamers het die akkomodasiemoeilikhede nie opgelos nie, omdat die bevolking aan die Wes-Rand vinnig aangewas het. Teen die einde van 1939 was daar dan ook byna geen skool wat nie van gehuurde geboue gebruik moes maak nie. Hierdie lokale was dikwels van onbevredigende aard maar tog die beste wat verkry kon word. Die nuwe skoolgeboue het, wat ontwerp betref, steeds verbeter, en veral die geboue wat in die dertiger jare opgerig is, was 'n groot verbetering op die ou-tipe[7].

4. Voorsiening van Hande-arbeid- en Kookkunsklasse.

a) Handwerk.

Met die onderwys in Hande-arbeid is beoog die aan-

---

1. Minutes Witwatersrand West School Board, 14.6.'26. Verslag van die voorsitter, J.B. Hugo.
2. T.O.D. Jaarverslag 1927, 111.
3. Minutes Witwatersrand West School Board, 30.6.'30. Verslag van die voorsitter, J.B. Hugo.
4. Ibid., 127.2.'33.
5. Ibid., 2.2.'37 en 9.6.'37.
6. T.O.D. Jaarverslag 1939, Bylae XV1.
7. Ibid., 121.

leer van 'n verstandige aanwending van gereedskap, 'n gelyktydige oefening van oog en hand by die hantering van gereedskap en 'n algemene praktiese vaardigheid wat die leerling in alle lewensomstandighede goed te pas sou kom. In praktiese sin kon die onderrig beskou word as 'n voorbereiding vir ambags-onderwys. Die leerplan het voorgeskryf: kartonwerk vir standerds 2 en 3, houtwerk vir standerds 4, 5 en 6 en metaalwerk vir standerds 7 en 8[1].

Aan die einde van Junie 1905 was daar een houtwerksentrum in die Krugersdorpse distrik en wel op Krugersdorp. In die volgende jaar is daar ook 'n sentrum op Roodepoort geopen[2].

In 1908 is W.J. Horne benoem tot Organiseerder van Tegniese Onderwys ten einde die onderwys in hande-arbeid te bevorder[3].

In medewerking met die Organiseerder van Tegniese Onderwys het die Skoolraad aanbeveel dat houtwerk en metaalwerk gegee sal word by die Krugersdorpse Dorpskool, waar toe vir die doel in 1910 'n hande-arbeidsentrum gebou is[4]. As instrukteurs het opgetree T.W. Lowden, E.R. Green, D.Jones en P.G. Vermooten[5].

Die seuns van die omliggende skole is na die houtwerksentrums vervoer, waar daar behoorlike voorsiening vir hulle onderrig gemaak is. In 1914 het die twee sentrums 341 seuns op die rol gehad terwyl 57 seuns aan die metaalwerksentrum onderrig is[6]. In 1917 het die inskrywings gestyg tot 398 en 114 respektiewelik. Die beskikbare ruimte

1. T.O.D. Jaarverslag 1912, 147.
2. Ibid., 1906, 142.
3. Ibid., 1908, 19.
4. Ibid., 1910, 276.
5. Ibid., 1913, 302.
6. Ibid., 1914, 114 - 115.

vir metaalwerk was toe reeds heeltemal ontoereikend[1]. In 1919 en 1920 het die onderrig in hande-arbeid en veral in metaalwerk gedeeltelik tot stilstand gekom weens personeeltekort. Die instrukteurs W.F. Tomkins (hoof), J. Neville, S.H. Reyneke en G.J. Hugo was toe verantwoordelik vir al die sentrums in die Witwatersrand-Wes en Witwatersbergse Skoolraadsgebiede en kon dit nie behartig nie[3].

Teen die einde van 1921 is 'n houtwerksentrum op Randgate geopen[4]. Elke seun in die hoër klasse van die Wes-Randse laer dorpskole het sedertdien die geleentheid gehad om hande-arbeidklasse by te woon[5].

Aan die einde van 1939 het 547 seuns op Krugersdorp en Randgate en 167 in die distrik onder toesig van W.F. Tomkins onderwys in handearbeid ontvang[6].

b) Kookkuns.

Die eerste kookkunssentrum is op Florida geopen met mev. L.A. Matelin as instruktrise[7]. In 1914 is 'n tweede geopen op Roodepoort en is daar toe aan die twee sentrums saam aan 129 meisies onderrig gegee[8]. In 1921 is daar ook 'n sentrum voorsien op Randgate. Die toestand was egter nog onbevredigend, omdat daar vir die paar honderd dogters op Krugersdorp en op Randfontein nog geen voorsiening gemaak is nie[9]. Op aandrang van die Skoolraad en die inspekteur van onderwys is daar in 1927 'n kookkunssentrum op Krugersdorp geopen en is daar gereël dat die

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1917, 172.
2. Ibid., 1919, Bylae X11.
3. Ibid., 1920, 150 - 152.
4. Randgateskool, Skooljoernaal.
5. T.O.D. Jaarverslag 1927, 111.
6. Hande-arbeidsentrums, Kwartaalstate 8.12.'39.
7. T.O.D. Jaarverslag 1913, 304.
8. Ibid., 1914, 114 - 115.
9. Ibid., 1925, 104.

meisies van Randfontein na Randgate geneem word vir kookkunsklasse[1].

Onder leiding van mej. MacGillivray en mev. Russel, organiseerster en opsienster respektiewelik van Naaldwerk en Huishoudkunde, is daar in November 1928 'n uitstalling van handwerk: naaldwerk, kookkuns, hout- en metaalwerk, kartonwerk, teken en so meer in die Krugersdorpse Stadsaal gehou, wat groot byval by die publiek gevind het[2].

Belangstelling het toegeneem. In 1926 het 1029 leerlinge en in 1930 reeds 2000 seuns en dogters onderrig ontvang by die hout- en kookkunssentrums onder die Wes-Randse Skoolraad[3].

Leerlinge wat buite loopafstand van die verskillende sentrums was, is daarheen per motorbus of trein vervoer. In 1939 het die Skoolraad die volgende motorvervoerskemas vir die doel goedgekeur[4]:

| Skema | Kontrakteur | Vergoeding |
|---|---|---|
| Randfontein A.M. - Randgate | J.N. du Plessis | 7/6 per rit |
| Randfontein E.M. - Randgate | W.J.N. Grobler | 15/- per rit |
| Krugersdorp-Wes E.M. - Krugersdorp | J. Appel | 17/6 per rit |
| Krugersdorp-Wes A.M. - Krugersdorp | J. Appel | £1 per rit |
| Lewisham - Krugersdorp | J. Appel | £1.10 per rit |

5. Konsentrasie.

Die skole onder die Witwatersrand-Wes-Skoolraad is hoofsaaklik op die dorpe geleë. Die meeste daarvan is groot skole, en van sentralisasie in die gebied was daar nie juis sprake nie.

1. T.O.D. Jaarverslag 1927, 111.
2. Ibid., 1929, 58.
3. Minutes Witwatersrand West School Board, 30.6.'30. Verslag van voorsitter.
4. Ibid., 11.1.'39.

In die beginjare het daar wel 'n mate van konsentrasie plaasgevind. In 1908 het die Raad besluit om leerlinge bo standerd 5 in Krugersdorp saam te trek[1]. Hierdie proses is in 1911 voortgesit toe French Rand-, Randfontein- en Krugersdorp Dorpskool, wat nog leerlinge bo standerd 5 gehad het, tot standerd 5 beperk is en leerlinge bo standerd 5 na die Krugersdorpse sekondêre skool oorgeplaas is[2].

Die Skoolraad het nie nodig gehad om veel vervoerskemas binne die Krugersdorpse grense in te stel nie. In 1936 was daar nog maar twee, naamlik die van Dwarsvlei, Wheatlands, Klein- en Groot-Elandsfontein na Randgate, wat 150 leerlinge vervoer het, en die van Randfontein na Randgate wat 65 kinders vervoer het[3]. In 1939 het die Raad ook net vier skemas in werking gehad[4]:

| Skema | Aantal kinders vervoer | Kontrakprys per dag | Enkelroete afstand in myle |
|---|---|---|---|
| Luipaardsvlei - Randfontein A.M. | 25 | £1.10.0 | 8.0 |
| Wilgespruit - Fairland | 55 | 1.7. 0 | 6.5 |
| Klein- en Groot Elandsvlei - Randgate | 120 | 2.15.0 | 6.7 en 6.3 |
| Doornkop - Roodepoort | 46 | 1.10.0 | 14.5 |

6. 'n Beknopte geskiedenis van die skole onder beheer van die Witwatersrand-Wes-Skoolraad.

i) Skole wat in 1939 in die distrik Krugersdorp geleë was.

(a) Burgershoopskool.

Die Burgershoopskool is op 23 Maart 1903 met 28 leerlinge in 'n sinkgeboutjie geopen deur Thomas Kidd

1. T.O.D. Jaarverslag 1908, 15 en 54.
   Minutes Witwatersrand West School Board, 15.10.'08.
2. T.O.D. Jaarverslag 1911, 97.
3. Ibid., 1936, 207.
4. Ibid., 1939, Bylae X11.

en mej. A. Arnoldi.

Die skool het 'n fenomenale groei beleef, want presies 'n jaar na sy stigting het die inskrywing op 202 gestaan. In 1905 was die skool so oorbevolk dat drie grade-onderwyser esse in een lokaal moes skoolhou[1].

Onder voorsitterskap van inspekteur H.S. Scott is die volgende here in die begin van 1907 gekies om op 'n skoolkommissie vir die skool te dien: W. Sandilands, I.J. van Heerden, G.E. Lewis, J.H. Erasmus, C.B. Smith, C.J. Powell, W.T. Auth en J.H.A. Botha[2].

Op 5 September 1908 is die hoeksteen van die skoolgebou gelê en op 19 Januarie 1909 is die sentrale blok van die bestaande gebou in gebruik geneem.

Op 4 Oktober 1921 het J.J. Botha vir Thomas Kidd opgevolg. Vir die volgende twintig jaar het hy die leisels van die skool in sy hande gehad. In hierdie tyd het die Burgershoopskool die grootste laerskool op die Wes-Rand geword.

Onder leiding van mev. Johanna Botha is daar in Mei 1922 'n begin met die uitdeling van sop by die skool gemaak. Vyf jaar later is daar met behulp van ouers en onderwysers 'n sopkombuis by die skool opgerig. Uit daardie sopkombuis is sedertdien daagliks 'n groot aantal behoeftige leerlinge gevoed[3].

Aan die einde van 1939 was daar 622 leerlinge in die skool en 20 onderwysers op die personeel. Tien van die leerlinge was in 'n spesiale klas[4].

---

1. J.H. Louw: „Burgershoopskool, sy ontstaan en ontwikkeling";
   Burgershoopskool. Gedenkblad 1903 - 1943.
2. The Krugersdorp Standard, 9.3.'07.
3. Burgershoopskool, Joernaalinskrywings.
4. Ibid., Kwartaalstaat 8.12.'39.

(b) Kerkstraatskool.

Die Kerkstraatskool was voor 1899 bekend as die Krugersdorpse gesubsidieerde skool, net voor die uitbreek van die Engelse Oorlog as die Krugersdorpse staatskool, net na die oorlog as die Krugersdorpse C.N.O.-skool en van 1906 tot 1911 as Church Street-skool.

Die Krugersdorpse ondersteunde skool is opgerig deur die N.H. of G. Gemeente Krugersdorp op kerkgrond net langs die kerkgebou.

J.J. Smeer, 'n jong onderwyser uit Kimberley, het die skool op 15 Julie 1890[1] met 17 leerlinge geopen. Die skooltjie het geleidelik gegroei; in 1892 is mej. C. Brink as onderwyseres benoem[2] en in 1893 mej. M.P.M. Naude[3]. In die volgende jaar het mej. Brink vertrek en is die personeel aangevul met mej. S. Walton en 'n kwekeling, mej. J. du Preez[4]. In 1896 het mej. B. Brunner en kwekelinge mej. S.M. Gey van Pittius en mej. A. Bodenstein as assistentes daar diens gedoen[5]. Aan die einde van daardie jaar het Smeer as onderwyser bedank om tweede Publieke Aanklaer in die landdroskantoor op Krugersdorp te word[6]. Hy is opgevolg deur F. Eybers[7].

Op 4 Mei 1899 het die skool 'n staatskool geword onder die hoofskap van P.J. Kloppers[8]. Eybers wat assistent geword het, is na die uitbreek van die oorlog gekommandeer en het ná die oorlog in die Vrystaat gaan onderwys gee[9].

---

1. O.D. 320.
2. Verslag Superintendent van Onderwys 1892, Lys van skole en onderwysers.
3. Ibid., 1893.
4. Ibid., 1894.
5. Ibid., 1896.
6. Meegedeel deur J.C. Human Smeer, seun van J.J. Smeer.
7. O.D. 42/1, O.R. 11497/96 en O.R. 634/97.
8. The Krugersdorp Standard, 6.5.1899.
9. Meegedeel deur F. Eybers.

Die skool is in 1900 gesluit en is na die oorlog as 'n C.N.O.-skool in die Du Toit-saal geopen deur P. Vermeer[1]. In Mei 1906 het dit 'n goewermentskool geword[2].

Volgens die inspeksierapport van 6 tot 7 Desember 1906 moes beide die hoof en sy assistente, mej. A.E. Radloff, in dieselfde lokaal skoolhou. Beide klaslokaal en meubels was ondoeltreffend[3].

In Februarie 1907 het die inskrywing gestyg tot 85 en is mej. M.E. Brown as derde personeellid benoem.

Die goewermentskool het sy eerste skoolkommissie gekry op 6 Maart 1907, toe die ouers ds. G. Radloff en die here J.C. Human, P.J. Wannenburg, G.P. Visser, A. Louw en J.L. Meyburgh benoem het om hulle te verteenwoordig. Op versoek van hierdie Kommissie het die Witwatersrand-Wes-Skoolraad op 9 April 1908 goedgekeur dat twee vakke deur die medium Hollands onderwys mag word.

In April 1913 moes P. Vermeer weens swak gesondheid sy bedanking indien, en 'n maand later is hy oorlede. Sy heengaan is diep betreur, want vir die skool het hy volgens die Skoolkommissie veel gedoen,

> „zoodat deze school thans een der weinige scholen in ons land is, die bekend staat als het christelijken nationale karakter handhavende en de moedertaal als medium van onderwys gebruikende"[4].

Op 8 Oktober 1913 het J. van Dyl[5] hoof van die skool geword. Onder sy leiding het die skool vinnig vooruitge-

---

1. Kerkstraatskool, Notule Skoolkommissie.
2. T.O.D. Jaarverslag 1906, 128.
3. Kerkstraatskool, Joernaalinskrywings.
4. Ibid., Notule Skoolkommissie.
5. J. van Dyl is in 1872 gebore in die Universiteitstad Leiden. In 1897 het hy na Suid-Afrika gekom en 'n tydlank in die Lydenburgse distrik onderwys gegee. In 1905 het hy hoof geword van die skool op Van Wyksrust, waar hy werksaam was totdat hy hoof geword het van die Kerkstraatskool. In 1932 het hy die ouderdomsgrens bereik. Hy woon nog op Krugersdorp.

gaan. Die skoolgebou, wat veel te wense oorgelaat het[1], is op 3 September 1917 vervang deur 'n nuwe gebou wat langs die ou gebou opgerig is teen 'n koste van £4637 en 200 leerlinge kon huisves[2]. Die ses klaskamers was egter van die openingsdag af onvoldoende. Drie jaar later was die inskrywing al oor die driehonderd. Die snelle aanwas van getalle moet toegeskryf word aan die ywer wat die Skoolkommissie en Afrikaanse Kerke aan die dag gelê het om ouers te beweeg om hulle kinders na Afrikaansmedium-skole te stuur. Afrikaans is as leervak in die skool ingevoer op 13 Maart 1917[3].

J.C. Kotze, wat nog as assistent aan die skool werksaam is, het op 23 Julie 1918 diens aan die skool aanvaar[4].

Weens die Spaanse griep was die skool die vierde kwartaal 1918 gesluit. Die hoof het die dorp verdeel in wyke en elke manspersoneellid verantwoordelik gestel vir 'n wyk. Elke huis in die wyk moes elke voormiddag besoek word om vas te stel hoeveel persone siek was en wat daar benodig was aan medisyne en so meer. By die Rooikruis moes dan verslag gedoen word[5].

In September 1920 was daar al meer as driehonderd kinders in die skool en het die personeel bestaan uit J. van Dyl (hoof), J.J. Botha, J.C. Kotze, C. v.d. Mark, mejj. Theron, van Putten, B. Roos, Radloff en mevv. v.d. Hoff en van Dyl.

Kadetafdeling 539 wat nog bestaan is op 25 Augustus 1924 gestig. J. van Dyl, C. v.d. Mark en J. Bezuidenhout was die eerste offisiere.

---

1. Mayors Minutes 1911, Report Medical Officer of Health.
2. T.O.D. Jaarverslag 1917, Bylae 111.
3. Meegedeel deur J. van Dyl.
4. Kerkstraatskool, Joernaalinskrywing.
5. Meegedeel deur J.C. Kotze.

Aan die einde van die tweede kwartaal 1927 het die inskrywing die vierhonderdtal oorskry. In hierdie kwartaal is twee nuwe klaskamers by die skool geopen.

Op 5 April 1932 het mej. Marie van Dyl, 'n dogter van die hoof, wat tans nog aan die skool werksaam is, werksaamhede aan die skool aanvaar.

J. van Dyl het op 24 Junie 1932 met pensioen uit die diens getree en is op 26 Julie 1932 opgevolg deur dr. M.J. Kok.

Die skool het steeds gegroei; in 1935 is die klaskamers wes van die voorkant in gebruik geneem en op 5 Mei 1936 die Bosveld-deel van die skool, op grond wat van die N.H. of G. Kerk verkry is.

Op 2 Februarie 1938 is daar begin met die Trekorganisasie, toe die eerste trekleiers ingesweer is[1]. Hierdie organisasie is sover ons weet, nog enig in die provinsie. Dit het die skool steeds ten goede gekom.

Op 8 Desember 1939 was daar 583 leerlinge in die skool en 18 onderwysers op die personeel[2].

(c) <u>Krugersdorp Town School</u>.

Die Krugersdorp Town School is op 4 Junie 1901 geopen deur mej. H. van Reyneveld[3]. Ongeveer 'n maand later het S. Stuart die hoof van die skool geword[4]. Die inskrywing het vinnig aangewas en het in Desember 1902 reeds op 420 gestaan. Ongeveer 60% van hierdie leerlinge het uit Afrikaanse huise gekom[5].

Die skooljoernaal van die skool is aangelê op 25 Maart 1904. Die personeel van die skool het toe bestaan

---

1. Kerkstraatskool, Joernaalinskrywings.
2. Ibid., Kwartaalstaat 8.12.'39.
3. Report of the Acting Director of Education for the year ending June 30th 1901, App. B.
4. <u>The Krugersdorp Standard</u>, 4.10.1902.
5. Ibid., 24.12.'02.

uit S. Stuart (hoof), W.S. Maxwell, C.T. van Veyeren, mevv. E.P. Howard, E.D. Stuart, A.E. Phillips, mejj. A.D. Devin, A.Peeters, E.J. Radloff, A. Kedian en M.A. Hogan.

Daar is vroeg reeds voorsiening gemaak vir na-primêre onderwys. Op 4 Mei 1904 het die hoof in die skooljoernaal aangeteken dat hy standerd 8 en 9 (12 leerlinge) onderrig het en mnr. Maxwell standerds 6 en 7 (24 leerlinge).

Van die beginjare af is geld ingesamel vir 'n skoolfonds. In Desember 1904 is 'n bedrag van £98 met 'n skoolkonsert ingesamel, die vorige jaar is op dieselfde wyse £91 geïn. Die gelde is byeengebring vir die oprigting van 'n skoolbiblioteek, tennisbane, sportuitrusting en die uitlê van die skoolgronde van die nuwe skool.

Op 7 Maart 1906 het die skool sy intrek geneem in 'n nuwe gebou op die hoek van Kommissaris- en Fonteinstrate. Op 15 Maart 1907 het burgemeester H.C. Tanner die gebou formeel geopen[1].

By die gebou wat £9,326 gekos het en ruimte vir 450 leerlinge gebied het[2], is in later jare heelwat aangebou.

Die skoolkommissie, wat op 27 Maart 1907 onder voorsitterskap van inspekteur H. Scott gekies is, het bestaan uit: S. Cantor, F.W. Lewis, A. Crawford, G.V. Figulus, D. McCormick, W. Pullen, A. Hazelwood, H. Theron, S.F. Yeoman, F.H. Jennings en T. v.d. Heever.

Van die vroegste jare af het die skool aktief aan sport deelgeneem en verskillende jare die Jennings-voetbalskild verower. 'n Kadetafdeling is gestig, en liggaamsoefeninge het baie aandag geniet.

Selfs nadat die C.N.O.-skool 'n goewermentskool geword het, was daar nog 'n aansienlike aantal kinders uit Afrikaanssprekende gesinne op hierdie skool. Op 17 Sep-

1. Krugersdorp Town School, Joernaalinskrywing.
2. T.O.D. Jaarverslag 1906, 44.

tember 1907 was die verdeling as volg:

| Hollandse Kinders | Engelse Kinders | Ander Nasionaliteite | Totaal |
|---|---|---|---|
| 150 | 287 | 66 | 503. |

Aan die begin van 1908 het van die 546 leerlinge 6% bo standerd 7, 40% van standerd 7, 23% van die hoër afdeling en 21% van die laer afdeling van die skool uit Afrikaanse huise gekom.

S. Boersma was 'n aantal jare verantwoordelik vir die Hollands; in 1912 is hy opgevolg deur I. Wüst.

In 1909 is die klasse bo standerd 6 oorgeplaas na die „Krugersdorp Secondary School" toe; in 1911 het ook die standerd 6-klas hulle gevolg.

Die leerlingtal het so toegeneem dat die laer afdeling met 275 leerlinge in Maart 1914 afgeskei het. Standerd 6 is toe weer by die hoër afdeling gevoeg. In die volgende vier jaar het die inskrywing in hierdie afdeling van 475 gestyg tot oor die seshonderd.

Weens die Spaanse griep is die skool op 9 Oktober 1918 vir een kwartaal gesluit. Die gebou is toe as 'n tydelike hospitaal gebruik.

Op 24 Junie 1921 het S. Stuart uit die diens getree en 'n kwartaal later het ook sy eggenote, die hoof van die Juniorskool, haar diens beëindig. Thomas Kidd het op 4 Oktober 1921 hoof van die skool geword.

Aan die begin van 1923 is intermediêre status aan die skool toegeken. Die intermediêre klasse was egter geen sukses nie, want die leerlinge het meestal net op die skoolbanke gebly totdat hulle 'n verdienste kon bekom het. Van die 34 leerlinge wat aan die begin van 1924 in standerd 7 was, was daar byvoorbeeld aan die einde van daardie jaar net 12 oor en van die 18 in die standerd 7-klas in 1925 aan die einde van daardie jaar net 5.

Die Laerskoolsertifikaateksamen het die leerlinge vir na-primêre onderwys gekeur, en 'n aansienlike persentasie het in die eksamen gedruip, soos blyk uit onderstaande syfers:

| | Aantal Kandidate | Aantal Geslaag | Aantal Gedruip |
|---|---|---|---|
| 1923 | 112 | 71 | 41 |
| 1924 | 90 | 60 | 30 |
| 1925 | 109 | 75 | 34 |
| 1935 | 97 | 77 | 20 |

Aan die begin van 1927 het die Juniorskool weer met die skool geamalgameer.

Aan die einde van 1929 is die standerd 7- en 8-klasse afgeskaf.

Thomas Kidd, wat by die einde van 1929 uit die diens getree het, is opgevolg deur F.K. Hopwood, wat tot die helfte van 1932 hoof van die skool gebly het. Hy is opgevolg deur F.T. Milne, wat weer op 3 April 1934 opgevolg is deur R.E. Leighton.

In 1937 is Leighton bevorder tot inspekteur van onderwys. Sy pos is gevul deur W.F. Kirchmann[1] wat tans nog hoof van die skool is.

As gevolg van die strenger toepassing van die Taalordonnansies het die skool se getalle gedaal. In Desember 1939 is daar met 402 leerlinge gesluit[2].

(d) Krugersdorp-Wes-Afrikaansmediumskool.

'n Skool met vyf klaskamers is op 28 Maart 1913 in Krugersdorp-Wes geopen deur burgemeester W. Adam. Op die openingsdag was die onderwyser(esse) F. Hopwood (hoof) en mejj. E. Stuart en H. Rentz.

Hoewel die grootste persentasie van die 140 leerlinge wat ingeskryf is, Afrikaanssprekend was, is die medium

1. Krugersdorp Town School, Joernaalinskrywing.
2. Ibid., Kwartaalstaat 8.12.'39.

van die skool tog vasgestel as Engels. Aanvanklik is net leerlinge tot standerd 5 ingeskryf. Die leerlingtal het vinnig vermeerder, sodat klaskamers aangebou moes word.

In 1919 is Afrikaans van die laere standerds af ingevoer. G.P. Visser, wat benoem is tot onderwyser in Afrikaans, het hom beywer om die sogenaamde „second language" op gelyke voet met Engels te bring.

In 1929 is Hopwoord benoem tot hoof van die „Krugersdorp Town School" en het assistent P. Coetzee waargeneem as hoof tot Julie 1930, toe F.C. van Wyk die hoofskap aanvaar het.

Vanaf 6 Augustus 1930 is die skool as 'n parallelmediuminrigting georganiseer. In Januarie 1933 het dit 'n Afrikaansmediumskool geword. Daar is gereël dat die Engelssprekende leerlinge tot standerd 3 by die nuwe Krugersdorp-Wes-Engelsmediumskool ingeskryf sou word, terwyl die leerlinge van standerds 4, 5 en 6 aan die skool sou bly totdat hulle standerd 6 behaal het. Die skool was dus eers van 1936 af 'n suiwer Afrikaansmedium-inrigting.

Aan die einde van 1938 het Van Wyk vertrek na Turffontein. G.P. Pretorius het as hoof waargeneem totdat J.J. van Tonder in Augustus 1939 die hoofskap aanvaar het.

Op 5 Maart 1929 is die eerste skoolkommissievergadering gehou. J.W. Lotz is benoem tot voorsitter en G.P. Grobler tot sekretaris. Reeds op die tweede vergadering van die Kommissie het W.P. Boshoff die mediumkwessie aangeraak en die bal aan die rol gesit om die voertaalmedium van die skool verander te kry. In Junie 1932 het ds. H.C.J. Flemming voorsitter van die Kommissie geword. Onder sy leiding het die Skoolkommissie daarin geslaag om 'n suiwer Afrikaansmediumskool te verkry[1]. Die skool

---

1. Krugersdorp-Wes-Afrikaansmediumskool: Feesalbum (1913 - 1943), 11 - 15.

het gebloei; aan die einde van 1939 was daar 471 leerlinge ingeskryf en 14 onderwysers aan die skool werksaam[2].

(e) Krugersdorp West English Medium School[2].

Aan die begin van 1933 is die „Krugersdorp West English Medium School" geopen in 'n moderne gebou, wat in 1932 opgerig is. Die Môrester-juniorskool is tans in die gebou gehuisves.

Die skool is geopen deur mej. Meiring, wat as hoof geageer het totdat W.F. Kirchman op 1 Augustus 1933 die hoof van die skool geword het. Daar was toe 159 kinders, wat verdeel was in vyf klasse van graad 1 tot standerd 3. Die volgende drie jaar is die senior klas behou, met die gevolg dat die inskrywing aangewas het tot 251.

Op 8 April 1938 het Krichmann vertrek. H.P. Dent het waargeneem as hoof totdat R.G. MacMillan op 2 Augustus 1938 oorgeneem het.

As gevolg van die strenger toepassing van die Taal-ordonnansie het die aantal werklik Afrikaanssprekende leerlinge in die skool afgeneem en het die inskrywing van die skool dientengevolge ook gedaal. Aan die einde van 1939 was daar 171 leerlinge ingeskryf en het die personeel bestaan uit R.G. MacMillan (hoof), G.J. Hugo, C.P. Henegan, mej. M.E. Fraser en mej. C.M. v.d. Heuvel.

(f) Krugersdorp East School[3].

Die „Krugersdorp East School" is op 1 September 1920 met 41 leerlinge geopen deur Harold Love (hoof) en mej. S. Vogel. 'n Week later het die inskrywing op 80 gestaan en is die personeel aangevul met mej. Fraser. Twee jaar na die opening van die skool was daar reeds 128

---

1. Krugersdorp-Wes-Afrikaansmediumskool, Kwartaalstaat 8.12.'39.
2. Krugersdorp West English Medium School, Joernaalinskrywings.
3. Krugersdorp East School, Joernaalinskrywings.

leerlinge, hoewel net leerlinge tot standerd 4 onderwys is. Standerds 5- en 6-leerlinge van die skoolomgewing moes die „Krugersdorp Town School" besoek.

In April 1928 is 'n vierde klaskamer geopen. In 1929 het die skool 'n standerd 5-klas besit. Van 1930 af moes die standerd 5-leerlinge egter die Krugersdorpse intermediêre skool besoek. Die skool het nie veel gegroei nie: aan die einde van 1939 was daar 154 leerlinge en op die personeel vyf onderwysers.

(g) Krugersdorp-Noordskool.

In 1919 is 'n skoolgebou bestaande uit drie klaskamers, 'n kantoor en waskamer teen 'n koste van £3,582. 16. 3 opgerig in Distriksdorp[1]. In hierdie gebou het mev. A. Lowden, bygestaan deur mej. H. McClelland, op 7 Oktober 1919 'n Juniorskool geopen. Uit die Noordjuniorskool is die „Krugersdorp Town School" en die Kerkstraatskool gevoed.

Die inskrywing het geleidelik aangewas, en in 1920 is 'n derde en in 1921 'n vierde personeellid benoem.

Mev. Lowden het op 23 September 1921 afgetree en is deur mej. L. Smith as hoof opgevolg.

In Januarie 1922 het die mynstaking uitgebreek en het talle werkloses die dorpsgebied verlaat. Daar was min uitbreiding, en ongeveer ses jaar lank het die inskrywing gewissel tussen 120 en 135, nieteenstaande standerds 3 en 4 ook toegelaat is.

Mej. Smith het aan die einde van 1927 uit die diens getree en is op 17 Januarie 1928 opgevolg deur G.P. Visser, die huidige hoof. Standerd 5-leerlinge is toe ook toegelaat, en die inskrywing het vinnig gestyg. In 1929 was die inskrywing al oor die tweehonderd. Twee klasse is toe in die woning van mev. May gehuisves en een in 'n opelug-

1. T.O.D. Jaarverslag 1919, Bylae 111.

klaskamer. In 1931 is by die skool aangebou.

In die jaar 1937 is 'n ongekende uitbreiding beleef. Die inskrywing het aangewas tot 427 en vier addisionele poste moes toegestaan word. Weer het klaskamerruimte 'n probleem geword; twee tydelike sinkgeboue en 'n leë winkel is in gebruik geneem; mev. May se sitkamer moes weer dien as klaskamer, en die veertiende klas was in die opslugklaskamer. In 1938 is vyf nuwe klaskamers aangebou[1]. Aan die einde van 1939 was die inskrywing 509[2].

(h) Lewishamskool.

Die Lewishamskool digby die Luipaardsvleistasie, wat volgens 'n skoolraadsbesluit op 2 Mei 1924 die naam van die dorpie aangeneem het, was voorheen bekend as French Randskool. Die French Randskool het sy naam ontleen aan 'n Franse mynmaatskappy, die „East Champ D'Or Gold Mining Company" wat vandag nog die myn ontgin[3].

Die French Randskool is kort na die Engelse oorlog geopen. Aan die einde van 1903 was die gemiddelde inskrywing 118.9[4]. In die volgende paar jaar was daar nie veel uitbreiding nie, want in die middel van 1906 was net C. Burgoyne (hoof), mej. D.C. Smook en mej. M.B. McKiever op die personeel[5]. Twee jaar later het hierdie onderwysers almal vertrek en was W.S. Maxwell (hoof), S.S. Loubser, mej. G. Pollard en mej. J.C. Ferris aan die skool werksaam[6].

Die skooljoernaal, wat op 21 Julie 1914 aangelê is, noem die skool 'n „dual medium school with Dutch classes".

---

1. G.P. Visser: „Noordskool: Oorsig van sy ontstaan"; Krugersdorp-Noordskool, Gedenkblad (1919 - 1940).
2. Krugersdorp-Noordskool, Kwartaalstaat 8.12.'39.
3. Meegedeel deur C.G. Snyman, hoof van Lewishamskool.
4. T.O.D. Jaarverslag 1903, Bylae A.
5. Ibid., 1906, Bylae XV11.
6. Ibid., 1908, Bylae 11.

Die enigste Hollandse klas was egter 'n gradeklas, wat in 1915 verdwyn het. Op aandrang van D. van Reyneveld, die voorsitter van die Skoolkommissie, is daar in 1916 Hollandse klasse ingestel en was daar in 1917 parallelklasse tot standerd 3. Om aan die wense van Afrikaans- en Engelssprekende ouers te voldoen moes die hoof dikwels herindelings van klasse gemaak het, wat nie altyd tot voordeel van die onderwys gestrek het nie.

Aan die begin van 1924 is die Afrikaansmediumleerlinge in standerd 4 en hoër oorgeplaas na Kerkstraatskool. Dit het egter ook nie bevrediging gegee nie, en hulle is later weer hier toegelaat.

Maxwell, wat aan die einde van 1930 uit die diens getree het, is opgevolg deur T.D. Winckworth. Aan die begin van die derde kwartaal 1932 is hy opgevolg deur P.J. v. Z. Hattingh, wat aan die einde van 1939 nog hoof was.

Aan die begin van 1933 was daar ongeveer 180 leerlinge in die skool. Van die ses personeellede het drie Afrikaanse en drie Engelse klasse geneem.

Die skool het stadig maar seker vooruitgegaan, en aan die einde van 1939 was daar 224 leerlinge op die rol.

Daar is besonder geywer om die leerlinge spaarbewus te maak. Hierin is in so 'n groot mate geslaag dat die skool in die jare 1933 tot 1939 verskillende trofeë vir die beste prestasie in spaarsin verower het[1].

(i) Oatlandsskool[2].

Die Oatlandsskool is op 1 Maart 1937 geopen in 'n Knapp-gebou met drie klaskamers. 79 leerlinge van graad 1 tot standerd 2 is van die Krugersdorp-Wes-Afrikaansmediumskool daarheen oorgeplaas. Die eerste personeellede was

---

1. Lewishamskool, Joernaalinskrywings.
2. Oatlandsskool, Joernaalinskrywings.

mej. B. Roos (agerende hoof), mev. H.M. Wessels en mej. v.d. Merwe.

Op 28 Mei 1937 is die volgende here gekies om op 'n skoolkommissie te dien: G.M. Kloppers, ds. H.C.J. Flemming, P.J. Badenhorst, T.P. Coetzee, C.J.M. Swart, J.H. Blignaut en E. Moorcroft.

Aan die begin van die derde kwartaal 1937 is mev. H.M. Wessels en mej. E.M. Geldenhuys permanent aan die skool benoem, terwyl die huidige hoof Pieter Coetzee op 17 Januarie 1938 in die hoedanigheid diens aanvaar het.

Vanaf Maart 1938 is standerd 3-leerlinge toegelaat en in Desember 1939 het die Skoolraad die skoolhoof meegedeel dat die skool toegelaat word om 'n volwaardige laerskool te word. Vanaf die volgende jaar kon standerd 4-leerlinge toegelaat word en die jaar daarna ook leerlinge van standerd 5. Die skool het derhalwe geleidelik gegroei. Op 8 Desember 1939 is met 118 leerlinge op die rol gesluit.

(j) Randfontein-Afrikaansmediumskool.

Op 3 Augustus 1937 is die Randfonteinse Afrikaansmediumskool geopen deur J.A. Vogel en twee assistentes. Van die 81 leerlinge wat ingeskryf is, het 75 voorheen die Randgateskool besoek.

Op 31 Augustus 1937 is die Luipaardsvleiskool gesluit en is 21 leerlinge na Randfontein oorgeplaas[1]. Die leerlingtal het taamlik vinnig aangewas en het aan die einde van 1939 reeds op 173 gestaan[2].

(k) Randfontein English Medium School[3].

Op aandrang van die Randfonteinse ouers is die

---

1. Snyman: 'n Kort geskiedenis van Randfontein en distrik, 40.
2. Randfontein-A.M.-skool, Kwartaalstaat, 8.12.'39.
3. Snyman: a.w., 42 - 43.

„Randfontein School" in Julie 1902 geopen deur mejj. A. en L. Geddes. Die Wesleyaanse Kerk naby die suidelike kwartiere vir getroudes het gedien as skoolgebou.

In 1903 is die personeel aangevul met mej. Chandler, wat in 'n kamer by die enkelkwartiere vir mans skoolgehou het. In 1904 het die Geddes-dames vertrek.

Op 19 Julie 1904 het D. Chonacre hoof van die skool geword. Sy assistente(s) was R. Beattie, mev. Fettes en mej. Chandler.

Op 24 Januarie 1905 is intrek geneem in 'n hout-en-sink-gebou, wat deur die Departement van Onderwys teen 'n koste van £1563 op die terrein van die huidige skool opgerig is. Hierdie gebou het diens gedoen tot in 1914.

Op 29 November 1913 het administrateur Johann Rissik die hoeksteen van die huidige gebou gelê, en op 28 Mei 1914 is die gebou betrek. Dit het bestaan uit tien klaskamers, saal en kantore. In later jare is nog klaskamers aangebou.

Die eerste Skoolkommissie, wat op 16 Junie 1904 gekies is, het bestaan uit dr. Adam (voorsitter), M. Edmunds (sekretaris), eerwaarde H.M. Johnson, eerwaarde Howes en die here J. Gething, Hancock, Walter, Crosley, Jeffries en McNally.

F.F. Williams, wat van 1905 tot 1912 hoof van die skool was, is op 9 Oktober 1912 opgevolg deur A. Howgrave Graham, wat tot 4 Oktober 1935 aan die hoof van die skool gestaan het. Die huidige hoof, R. Powell, het in Januarie 1936 die pos aanvaar, toe daar reeds dertien onderwysers (esse) aan die skool werksaam was.

In die tydperk 1936 tot 1939 het die skoolbesoek gewissel tussen 420 en 500.

(1) Randgateskool[1].

Die Randgateskool is met 42 leerlinge geopen op 11 April 1916. Die toestande waaronder die hoof, A.A. Eisenhoffer, moes werk was allertreurigs.

Die eerste Skoolkommissie is gekies op 12 Mei van daardie jaar en het bestaan uit: J.B. Hubert (voorsitter), J.H.S. Pentz, G. Furstenburg, S.H. Howard, W.G. Jackson, M.D. Delport en J.G. Gammie (sekretaris).

Die Skoolkommissie het die hoof alle moontlike steun gegee om toestande verbeter te kry, maar eers 'n jaar later, toe die inskrywing aangewas het tot 94, is daarin geslaag om 'n tweedehandse hout-en-sink-gebou, waarin die Randfonteinskool voorheen gehuisves was, as skoolgebou te verkry.

Op 24 Julie 1917 het B. Radloff, die eerste permanente hoof, werksaamhede aanvaar. Met die inspeksie in November 1919 was daar al 161 leerlinge, van wie 11 in standerd 7 was. Twee jaar later was die inskrywing byna 200 en was daar 19 leerlinge in die standerd 7-klas.

In November 1921 is 'n begin met Handwerk- en Kookkunsklasse aan die skool gemaak.

Met die stigting van die Monument-hoërskool is die standerd 7-klas afgeskaf.

In April 1922 is die skool, wat tot dusver onder die Witwatersbergse Skoolraad geressorteer het, na die Witwatersrand-Wes-Skoolraad oorgeplaas.

Die skool wat begin het as 'n Engelsmediumskool met 'n klein Afrikaanse afdeling, het in 1922 'n dubbelmediumskool geword, want van die 212 leerlinge was toe net 43 Engelssprekend. In 1933 het dit 'n suiwer Afrikaansmediumskool geword.

1. Snyman: 'n Kort geskiedenis van Randfontein en distrik, 36 - 38.

Op 6 Oktober 1925 het P.A. Stoffberg vir Radloff opgevolg as hoof.

Die nuwe Randgateskool is op 16 Februarie 1927 in gebruik geneem.

Die inskrywing het vinnig gegroei en het aan die begin van 1936 op 432 gestaan. In daardie jaar het die skool weer 'n standerd 7-klas gekry en in die jaar daarop ook 'n standerd 8.

In 1937 het die inskrywing gestyg tot 591. Die Wheatlandsskool en Randfonteinse Afrikaansmediumskool is toe afgestig. Aan die einde van 1939 was daar 474 kinders op die rol[1].

(m) West Rand Consolidated Mine-skool[2].

Die West Rand Consolidated Mine-parallelmediumskool is op 31 Julie 1939 geopen. Die personeel het bestaan uit H.P. Dent (waarnemende hoof), mej. H.B.M. Thomas en mej. E.M. McCracken.

Administrateur J.J. Pienaar het die skool op 30 Augustus 1939 offisieel geopen.

Op 5 Desember van daardie jaar het die ouers die volgende here gekies om op die Skoolkommissie te dien: C.C. Frost, F.W. Tessendorff, J. Lewis, J.W. Jones en C.M. Cartwright.

Die leerlingtal het vanaf die openingsdag van die skool tot die einde van die vierde kwartaal van 71 tot 83 aangewas.

---

1. Randgateskool, Kwartaalstaat, 8.12.'39.
2. West Rand Consolidated Mine-skool, Joernaalinskrywings.

ii) Skole wat tot 1936 in die Krugersdorpse distrik geleë was.

(a) Arthur Matthews-skool.

Die Maraisburgskool wat in 1936 verdoop is tot Arthur Matthews-skool, is een van die oudste skole op die Wes-Rand.

'n Skool met 44 leerlinge onder H.R. Louw is op 7 Oktober 1889 op die dorpie Maraisburg geopen[1]. Louw het tot in 1891 die hoof gebly[2]. Met inspeksie in 1892 was M.S. Daneel en mej. E.C. Malan daar werksaam[3], en in die volgende twee jaar was eerwaarde W. Rörich die hoof[4]. Van 1895 tot 1897 was D.H. Viljoen die prinsipaal[5].

Op 18 Januarie 1898 is 'n parallelmediumstaatskool op Maraisburg geopen. J. Lub was die hoof, R. van Mazijk die assistent en mejj. G. Smith en R. Plowman die assistentes. Beide dames het in 1899 vertrek en is opgevolg deur mejj. A. Smith en A. Birkett[6]. Met die uitbreek van die Engelse oorlog is die skool gesluit.

Die „Maraisburg Government School" is op 1 Augustus 1901 geopen deur mej. Milne Langdon[7]. In 1903 is mejj. E.L. Teasdale, J. Urguhart en E. Hilson op die personeel benoem. Eersgenoemde assistente was tot die einde 1926 daar werksaam en het besonder goeie werk verrig.

Hoewel daar in die beginjare net dames op die personeel was, het die skool tog aktief aan sport deelgeneem. Eerwaarde A.H. Gallagher was hulle behulpsaam met die af-

1. O.D. 320.
2. Verslag Superintendent van Onderwys 1890 en 1891, Lys van skole wat geïnspekteer is.
3. Ibid., 1892.
4. Ibid., 1893 en 1894.
5. Ibid., 1895, 1896, 1897.
6. O.D. 326.
7. Maraisburg School, Joernaalinskrywing.

rigting van voetbal. Op 5 Oktober 1904 het die skool aan die eerste jaarlikse sportbyeenkoms van laerskole op die Wanderersterrein deelgeneem.

Van 1903 tot 1910 het die skool gereeld 'n standerd 7-klas gehad en by tye ook 'n ex-standerd 7-klas.

Die eerste na-oorlogse Hollandse les is op 2 Februarie 1905 deur J. Lub aan 19 leerlinge in die skool gegee. In 1906 het Lub inspekteur van Hollands geword en is die Hollandse lesse waargeneem deur mev. Hoek, wat ook Hollandse lesse in die Floridaskool gegee het. Toe T.C. Stoffberg op 31 Januarie 1908 die Hollands van die skool geïnspekteer het, het hy gevind dat 34% van die leerlinge uit Afrikaanse huise gekom het. Daar was egter nog geen Hollandse klasse gestig nie, en die vak is net tot in standerd 3 onderrig.

Op 10 Junie 1907 het die skool sy eerste skoolkommissie gekry, toe A.S. Gibson, J.C. Bam, F.H.S. Corder, L. Solomon en H. Ramsden deur die ouers gekies is om hulle te verteenwoordig.

Mej. Milne Langdon het aan die einde van die tweede kwartaal 1910 uit die diens getree. G.H. Matthews het waargeneem as hoof, totdat Arthur E.A. Matthews op 11 Oktober 1910 die hoofskap aanvaar het. Daar was toe vyf onderwysers(esse) op die personeel. Vir die volgende vyf-en-twintig jaar het die skool onder sy leiding gestaan.

Die hoof was van Oktober 1914 tot Augustus 1915 en weer van Januarie 1916 tot Maart 1919 op aktiewe diens weg. Tydens sy afwesigheid het assistent G.P. Rautenbach as hoof waargeneem.

Die skoolgebou van hout en sink, wat gestaan het op die perseel waar die polisiestasie vandag is[1], is op

---

1. Meegedeel deur J.A. Vogel, die hoof van Arthur Matthews-skool.

1 Augustus 1916 deur 'n gedeelte van die huidige skoolgebou vervang. Skoolraadslid James het die nuwe gebou offisieel geopen.

Die dubbelsessie-skooldag, wat in Januarie 1913 ingestel is, is op versoek van die ouers op 22 November 1918 afgeskaf.

Aan die begin van 1923 het die skool intermediêre status verkry en is 'n standerd 7-klas met 16 leerlinge begin. Intermediêre onderwys is verskaf aan daardie leerlinge wat nie begerig was om te matrikuleer nie. Die meisies het vir kookkunsklasse na die sentrum op Roodepoort gegaan en die seuns vir metaalwerklesse na Krugersdorp. In die jare 1925 tot 1927 was daar geen standerd 7-klas nie, maar in 1928 is daar weer so 'n klas begin. Met die inspeksie in Junie 1929 was daar 4 leerlinge in standerd 8 en 22 in standerd 7. Die intermediêre afdeling wou nie bloei nie, en aan die einde van 1934 is dit afgeskaf.

Die leerlingtal het so toegeneem dat die skoolgebou te klein geword het en die Wesleyaanse kerkgebou in Oktober 1929 bygehuur moes word. Met 'n sterk personeel was 'n goeie verdeling van werksaamhede moontlik, en binnemuurs is gepresteer. Die personeel het nie baie rondgeskuif nie, en veral die mans het taamlik lank aan die skool gebly. J.M. Vermooten, wat in April 1921 diens aanvaar het, was ongeveer 15 jaar lank aan die skool werksaam en A.H. le Roux van Julie 1923 tot Desember 1929. Aan die begin van 1931 het die personeel bestaan uit A.E.A. Matthews (hoof), J.H. Gray, J.M. Vermooten, H.P. Dent, mejj. M. Reford, J.I. Strydom, M. Kearney, C. Hartog, M. Burnstein, V.K. Wardrop, E.G. Bryden, M.E. Brown en mev. M.M. Fagan.

In Januarie 1932 is op aandrang van die Skoolraad 'n graad 1-Afrikaansmediumklas gestig. In 1934 was daar al drie sulke klasse, wat waargeneem is deur mej. J.I. Stry-

dom (graad 1), mej. C.S. van Reenen (graad 2) en T.G. Coetzer (standerds 1 tot 4). Hierdie afdeling van die skool het vinnig vooruitgegaan, want aan die begin van 1936 was daar ses Afrikaansmediumklasse met 136 leerlinge teenoor sewe Engelsmediumklasse met 211 leerlinge.

Op 23 November 1935 is A.E.A. Matthews skielik oorlede. J.M. Vermooten het waargeneem as hoof totdat L. v.d. Heever op 27 Julie 1936 die hoofskap aanvaar het[1].

Op 16 Desember 1935 het die Skoolkommissie in opdrag van 'n openbare vergadering die Witwatersrand-Wes- Skoolraad gevra om die Departement van Onderwys te versoek om die naam van die Maraisburgskool te verander na Arthur Matthews-skool[2].

Ter ere van die geëerde hoof het die ouers in die vierkant van die skool 'n vywer gebou. Op die twee gedenkplaatjies kom hierdie woorde in Afrikaans en Engels voor:

> „Opgerig as 'n bewys van waardering en blywende herinnering aan
>
> Arthur Matthews
>
> Prinsipaal, Maraisburgskool 1910-1935.
> Oorlede 23 November 1935".

(b) <u>Boschkopskool</u>[3].

Die Boschkopskool, wat aanvanklik onder die Witwatersrand-Wes-Skoolraad geressorteer het, is later oorgeplaas na die Witwatersrand-Sentraal-Skoolraad.

Die Boschkop-goewermentskool is op 20 Januarie 1920 met 40 leerlinge geopen in die woning van mnr. Rawbone, die woning waarin mnr. Koekemoer vandag woon. Die eerste onderwysers was N.F. Frisby en mej. Heyneke. Die eerste

---

1. Maraisburg School, Joernaalinskrywings.
2. Maraisburg School Committee, Brieweboek.
3. Boschkopskool, Joernaalinskrywings.

Skoolkommissie is gekies op 21 Augustus 1920 en het bestaan uit George Wright (voorsitter), Damas Gomes, M.A. Kruger, A.J.P. Duvenhage, P. Smit en G. Rowe (sekretaris).

Toe inspekteur Visscher in April 1921 die skool besoek het, was daar 16 Engelssprekende leerlinge ingeskryf en is beide Hollands en Engels as media van onderrig gebruik.

Die skool het heelwat verwisseling van personeel gehad, totdat M.J. Claassen, die huidige hoof, op 6 April 1923 die hoofpos aanvaar het.

In 1924 is die ou Milner-skoolgebou van Fairland daar opgerig. Die gebou was in so 'n swak toestand dat toe die dak op 13 November 1925 afgewaai het, die plafon en skeidingsmuur ingetuimel het en die gebou nie meer vir skooldoeleindes gebuik kon word nie, niemand daaroor getreur het nie. Twee tente het tot die einde van daardie jaar as klaskamers gedien.

Vanaf 1925 tot 1928, toe die huidige skoolgebou opgerig is, is daar weereens in woonhuise skoolgehou.

Die skool het weinig vooruitgegaan, en aan die einde van 1936 was Claassen en mev. H.C. Wiggett, wat vanaf 1922 aan die skool werksaam was, nog die enigste personeellede.

(c) Fairlandskool.

In Februarie 1903 het R. van Mazijk 'n C.N.O.-skool op Veltevreden geopen, wat bestaan het tot aan die einde van die tweede kwartaal 1907, toe dit 'n goewermentskool geword het[1].

Volgens die toelatingsregister het Van Mazijk op 23 Julie 1907 vier-en-twintig van sy C.N.O.-skoolleerlinge in die goewermentskool ingeskryf. Die inskrywing het gou aangegroei tot 32.

---

1. Meegedeel deur R. van Mazijk.

In September 1908 het die „Realty Corporation" 'n stuk grond op die dorpie Fairland, wat op 'n gedeelte van Weltevreden uitgemeet is, aangebied vir skooldoeleindes[1]. Aan die begin van Junie 1909 is die Weltevredenskool verskuif na Fairland, waar 'n Milner-skoolgebou (hout en sink-gebou) wat voorheen op Newlands in gebruik was, opgerig is[2]. Hierdie skoolgebou, wat 'n verbetering op die vorige een was, het egter nog veel te wense oorgelaat: dit was ondig, die wind het onder die vloere deur gespeel, en dit het daarin bitter koud geword[3].

R. van Masijk het aan die einde van 1909 vertrek en is opgevolg deur C. v.d. Mark, wat die joernaalinskrywings vanaf 3 Mei 1911 in Hollands gedoen het[4].

Aan die einde van 1912 was Hollands reeds die enigste medium van onderrig in alle klasse[5]. Op 15 Oktober 1914 het inspekteur Lub gerapporteer:

> „The school at Fairland is an altogether unusual one on the Rand as in the school all the subjects are taught exclusively through the Dutch medium"[6].

Vanaf 6 Oktober 1915 tot aan die einde van die tweede kwartaal 1938 was mej. M. Haupt die assistente aan die skool. In 1918 was F.C. Erasmus, die huidige Minister van Verdediging, drie kwartale as assistent aan die skool werksaam.

C. v.d. Mark het aan die einde van 1919 vertrek en is aan die begin van 1920 opgevolg deur J.G. Slier, wat aan die einde van 1921 weens swak gesondheid uit die diens moes tree. L. Grobbelaar het toe as hoof waargeneem.

---

1. Minutes Witwatersrand West School Board, 17.9.'08.
2. Ibid., 3.6.'09.
3. Meegedeel deur C. Wolvaardt, T. Cronje en J.F. Möller.
4. Fairlandskool, Joernaalinskrywings.
5. T.O.D. Jaarverslag 1912, 245.
6. Fairlandskool, Joernaalinskrywing.

Vanaf 15 April 1920 was Afrikaans die medium van onderrig.

Die ou deel van die huidige skoolgebou is aan die begin van die tweede kwartaal 1921 in gebruik geneem. 'n Jaar later moes dit twee weke lank as gevangenis dien. Die stakers het die gebou gekommandeer en 'n aantal polisiemanne en burgerlikes daar gevange gehou. Die gebou en boeke is baie verniel. Die waarnemende hoof het by die hervatting van die skool se werksaamhede in die skooljoernaal aangeteken:

> „things were really in a lamentable state, enough to dishearten and discourage any schoolmaster".

Op 18 April 1922 het T. Cronje, die huidige hoof, die hoofskap aanvaar.

Die skool het 'n driemanskool gebly tot in 1933, toe dit 'n tweemanskool geword het. Drie jaar later het die inskrywing weer tot 90 aangewas en is P.C. Smit benoem tot derde personeellid. In hierdie jaar is die Wilgerspruit-Fairland-motorvervoerskema ingestel, wat donkie- en ander ongerieflike vervoer vervang het[1].

(d) <u>Florida School</u>.

'n Gesubsidieerde skool is op Florida geopen op 1 Oktober 1888 met G.G. le Roux as hoof en mej. H.M.C.H. Beukes as assistente[2]. In 1889 was Le Roux nog die hoof en was daar 62 leerlinge op die rol[3]. In die jare 1890 - 1891 was 'n sekere Menkveldt en mej. Dixie daar werksaam[4]. In 1892 het T.D.K. Munnich die hoof en mej. Peddie die

---

1. Fairlandskool, Joernaalinskrywing.
2. O.D. 320.
3. Verslag Superintendent van Onderwys 1889, Distrik Heidelberg: Inspeksierapport.
4. O.D. 320.

assistente geword[1]. In die volgende jaar het L. Malan die hoof bygestaan[2]. In 1894 was L.J. Schumann, wat later opgevolg is deur J. Mijburgh en mev. M. Schumann, aan die skool verbonde[3]. S. Hugo, bygestaan deur mej. R.J. van Ellewee, het in 1895 en 1896 die onderwys daar behartig[4]. In laasgenoemde jaar het die ouers 'n doeltreffende skoolgebou met drie klaskamers opgerig[5]. Op 1 Februarie 1897 het F.W. van Zeuner, die laaste hoof onder die Republikeinse bewind, diens aanvaar. Tot by die sluiting van die skool in Oktober 1899 was die volgende dames elk 'n tyd lank aan die skool werksaam: mejj. J.H.M. Zwanepoel, R. Mocke (kwekeling), M. Morris, E.C. Keet, S.A. du Preez en R.M de Kock[6].

Die „Florida English Medium School" is tydens die Engelse Oorlog geopen. Op 14 Junie 1901 was die leerlingtal 44 en was H. Carter en mej. M. Lloyd daar werksaam[7].

Die eerste permanente hoof was W.C. Nicholls, wat ongeveer dertig jaar lank aan die inrigting werksaam was. Gedurende die tweede helfte van 1905 het W.C. Nicholls, mevv. E.R. Steyn en L. Nicholls en mej. A.F. Smith daar onderwys gegee.

Hoewel die aantal inskrywings in die beginjare nie veel gegroei het nie en vir die eerste tien jaar in die omgewing van honderd gebly het, is daar tog van 1904 tot 1909 voorsiening gemaak vir 'n standerd 7-klas[8].

---

1. Verslag Superintendent van Onderwys 1892,
   Distrik Heidelberg: Lys van skole en onderwysers.
2. Ibid., 1893.
3. Ibid., 1894.
4. Ibid., 1895 en 1896; Onderwysers in diens.
5. O.D. 31/3, O.R. 3206/96.
6. O.D. 326.
7. Report of Acting Director of Education for the half-year ending June 30th. 1901, App. B.
8. Florida English Medium School, Joernaalinskrywings.

Die eerste skoolgebou was van hout en sink en is op die kerkplein opgerig[1]. Aan die begin van 1906 het inspekteur Handel Thompson die gebou baie onbevredigend gevind. Op 16 Oktober van dieselfde jaar het E.T. Campbell die onder-burgemeester van Roodepoort-Maraisburg die hoeksteen van die huidige gebou gelê. In Januarie 1907 het lord Selborne dit formeel geopen.

In Augustus 1906 het mnr. Jansonius die eerste Hollandse les in die skool gegee. Van 1907 tot 1909 het mev. Hoek die Hollandse lesse waargeneem, en daarna het die here Blundell, C.M. Blount en J.L. Pienaar agtereenvolgens opgetree as onderwysers in Hollands. Tydens die inspeksie in 1908 het die inspekteur van Hollands gevind dat 42% van die leerlinge Afrikaanssprekend was en dat op vier na almal lesse in Hollands bygewoon het. In 1912 egter het 30% van die ouers hulle kinders belet om Hollands te leer. Aan die begin van 1919 het die inspekteur aanbeveel dat graad 1 dadelik met Afrikaans moes begin. In 1925 is gevind dat Afrikaans nog nie tot sy reg gekom het nie, omdat slegs twee van die personeellede die taal met gemak kon praat[2].

Sover vasgestel kon word, was die skoolkommissie wat in Junie 1908 gekies is die eerste na-oorlogse. Die lede van hierdie Kommissie was W.C. Robinson (voorsitter), S. Amm (sekretaris), D. Swan, M. Kuhn en R. Julian[3].

Die skool moes twee maal ly as gevolg van onluste. Op 30 Januarie 1914 het die hoof in die skooljoernaal aangeteken:

> „Last week the school was occupied by burghers acting under martial law",

---

1. Florida English Medium School, Magazine, Jubilee Edition, 9.
2. Ibid., Joernaalinskrywing.
3. Minutes Florida School Committee, 24.6.'08.

en op 17 Maart 1922 het hy geskryf:

> „Revolution week. No school was held on the first three days, as the school was used as a hospital. The principal was absent for a week - acting as transport afficer to Col. Nussey's force".

Stakers wat na wapens gesoek het, het die skool heelwat beskadig.

Na die Eerste Wêreldoorlog het Florida 'n ongekende uitbreiding beleef, met die gevolg dat die inskrywing van die skool taamlik vinnig vermeerder het. In Januarie 1929 is die Bantjiesskool met die skool geamalgameer en is die inskrywing opgestoot tot ongeveer 240.

Nicholls wat aan die einde van 1931 uit die diens getree het, is op 13 Mei 1932 oorlede. Sy eggenote het tot 10 Augustus 1933 in diens gebly.

Nicholls is opgevolg deur T.D. Winckworth, wat in Januarie 1933 die eerste Afrikaansmediumklas in sy skool ingestel het. Mej. W.J. Cronje was die eerste onderwyseres in die Afrikaansmediumafdeling.

Aan die begin van 1936 was T.D. Winckworth, J.K. Dalebou, D.F. J. v.d. Merwe, J.A. Vermaak, C.W. Steyn i.p.v. mej. W.J. Cronje, mejj. C.M. MacNab, P.B. Toerien, V.L. Hawkins, M.H. Myhill i.p.v. D.M. Rogers en mev. H.S. Tenwich i.p.v. mev. C. Cowley aan die skool werksaam[1]. Aan die einde van daardie jaar was daar elf onderwysers(esse) op die personeel en 331 leerlinge op die registers[2].

(e) Hambergskool.

In Januarie 1903 is daar 'n skooltjie in 'n offisierstent op Hamberg geopen wat deur 25 leerlinge besoek is[3]. In 1904 is die skooltjie weer gesluit[4].

---

1. Florida English Medium School, Joernaalinskrywing.
2. Ibid., Kwartaalstaat 8.12.'36.
3. T.O.D. Jaarverslag 1903, Bylae A.
4. Ibid., 1904, 2.

Die „Hamburg"-juniorskool is op 21 Januarie 1908 geopen deur mej. G.M.C. Honey. Van die 36 leerlinge wat op die openingsdag ingeskrywe is, was ongeveer die helfte uit Afrikaanse huise.

Die tydelike gebou waarin dit geopen is, was in 'n baie swak toestand en is aan die begin van 1909 afgekeur, sodat die skool toe verskuif is na 'n ander gebou toe. Op 19 Julie 1910 is die huidige skoolgebou betrek, wat op 10 Augustus van daardie jaar deur die burgemeester van Roodepoort offisieel geopen is.

Mej. Honey het aan die einde van 1909 vertrek. Haar pos is gevul deur mej. K. Meller, wat in Julie 1910 diens aanvaar het.

Verskillende persone was aan die skool werksaam tot 1 April 1913, toe mej. A. Imrie hoof en mej. S.M. Kedian assistente geword het. Beide onderwyseresse was bekwaam om in Hollands onderrig te gee, en hierom kon in 'n mate die sin gegee word van 'n aantal ouers wat Hollandsmedium vir hulle kinders geëis het.

Vanaf 1910 is standerd 3 toegelaat en vanaf 1914 ook standerd 4, met die gevolg dat die inskrywing 'n geringe vermeerdering aangetoon het.

Mej. Imrie is aan die begin van 1917 opgevolg deur mej. M.G. Staunton, wat net 'n jaar hier werksaam was en op 22 Januarie 1918 opgevolg is deur mej. J.M. Clark.

In 1920 het die inskrywing toegeneem tot oor die sewentig en is 'n derde onderwyseres benoem.

Gedurende die staking in 1922 het die regeringstroepe die gebou van 13 tot 18 Maart beset en moes die leerlinge die week tuis bly. As gevolg van die staking het 'n aantal ouers werkloos geword en kon hulle nie hulle kinders goed voed nie. Die bevinding van die skoolverpleegster

was dat 49 uit die 80 leerlinge ondervoed was. Met ouerhulp het die onderwyseresse die behoeftige leerlinge toe met sop en brood gevoed.

Mej. J.M. Clark het in Desember 1924 uit die diens getree. Mev. E.K. Harvey het die hoofpos tydelik gevul tot W.R. Kotze op 19 Januarie 1926 die hoofskap aanvaar het. Die standerd 4-leerlinge is oorgeplaas na 'n senior skool toe, en die derde personeellid moes vertrek.

Mev. E.K. Harvey, wat vanaf die derde kwartaal 1917 as assistente aan die skool werksaam was, het aan die einde 1927 met pensioen uit die diens getree. Mej. C.F. Webber is in haar pos benoem.

Die aantal leerlinge uit Afrikaanssprekende huise het toegeneem, en om aan die behoeftes van beide seksies te voldoen is beide media vanaf 1929 by die onderrig gebruik.

Op 14 Desember 1932 is die skool gesluit en die leerlinge na ander skole oorgeplaas, maar op 22 Januarie 1934 is dit weer heropen met J.P. Shaw as hoof en D.F. v.d. Merwe as assistent, beide in 'n tydelike hoedanigheid.

J. v. N. de Jager het op 31 Julie 1934 hoof geword. Aan die begin van 1935 is mej. O.T. Hall permanent benoem. Daar was toe 40 leerlinge, van wie die helfte Engelssprekend was. Beide tale is nog by die onderwys gebruik.

Die inskrywing het weer geleidelik vermeerder, en op 20 Januarie 1936 het mej. S.M. Mawer as derde personeellid diens aanvaar[1].

(f) Roodepoort English Medium School.

Die „Roodepoort Primary School" is op 14 Oktober 1901 geopen deur H.J. Carter. Op die openingsdag is 69 leerlinge ingeskryf; aan die einde van die jaar het die

1. Hambergskool, Joernaalinskrywings.

getal inskrywings op 117 gestaan en teen die einde van 1905 was daar reeds 970 name op die toelatingsregister[1]. Die leerlinge was gehuisves in 'n hout-en-sink-gebou op die huidige skoolgronde[2] en in twee kerkgeboue[3]. Die skool het vinnig gegroei. In Junie 1908 het die personeel van die skool bestaan uit H.J. Carter (hoof), C.K. Hamman, mejj. A.P. Stow, A. Lister, J.E. Doun, J.C. Collins-Cooling, I.F. Smith, M.J. Rademeyer, C. Bennet, J.B. Hutton, F.A. Kidwell, M.H. Lellyett en mev. M.A. Cunningham[4].

In 1910 is daar 'n begin gemaak met hande-arbeidklasse[5].

Voorsiening is vir Hollands gemaak. Toe die skool vroeg in 1913 geïnspekteer is, het 93 leerlinge lesse in Hollands ontvang.

Op 21 Januarie 1913 het J.E. Adamson, die Direkteur van Onderwys, die hoeksteen van die huidige skoolgebou gelê, waaraan die inrigting met sy 450 leerlinge groot behoefte gehad het. Op 8 Oktober van daardie jaar was die gebou voltooi.

Aan die begin van 1914 moes die nuwe skool 'n week lank ook 'n ander doel dien. Die hoof het in die skooljoernaal aangeteken:

> „The school is at present occupied by the Defence Force. The buildings are used as a Barracks and the grounds as a horsecamp".

Na oorlegpleging met die bevelvoerende offisier en die Witwatersrand-Wes-Skoolraad is besluit om net seuns van standerds 4, 5 en 6 toe te laat om die skool te besoek.

In 1914 is daar voorsiening gemaak vir 'n standerd

1. Roodepoort English Medium School, Admission Book 1.
2. Meegedeel deur D.J. de Kock.
3. T.O.D. Jaarverslag 1903, 65.
4. Ibid., 1908, Bylae 11.
5. Ibid., 1910, 116.

7-klas. Die aantal leerlinge in die klas was nie groot nie, en dit het nie lank bestaan nie.

Die hoof was gedurende 1915 en 1916 op aktiewe diens van die skool weg. Tydens sy afwesigheid het R.B. Morton in die hoedanigheid waargeneem.

Die inskrywings het vinnig vermeerder en aan die begin van 1918 die sewehonderdtal oorskry. Met die opening van die Afrikaansmediumskool in April 1918 het dit egter tot ongeveer 550 gedaal.

Op 10 Desember 1926 het H.J. Carter, B.A., uit die diens getree. Gedurende die vyf-en-twintig jaar wat hy aan die skool verbonde was, het dit vinnig gegroei en goed gepresteer.

> „The school has never had a bad report, and its reputation is second to none on the Rand",

was sy laaste aantekening in die skooljoernaal.

Twee jaar later het ook C.K. Hamman uit die diens getree.

Carter is opgevolg deur G. Hopkins, wat ook vir 'n geruime tyd aan die hoof van die skool gestaan het.

In 1929 het dit intermediêre status verkry, wat egter nie lank behou is nie[1].

As gevolg van die strenger toepassing van die Taalordonnansie na 1933 was daar 'n daling in getalle. Teen die einde van 1936 was daar twaalf onderwysers op die personeel en 403 leerlinge op die registers[2].

(g) Roodepoort-Noord-Afrikaansmediumskool.

Op 5 Januarie 1894[3] is daar 'n gesubsidieerde skool op Hamberg (De Morgenster) naby Roodepoort geopen.

---

1. Roodepoort English Medium School, Joernaalinskrywings.
2. Ibid., Kwartaalstaat 8.12.'36.
3. O.D. 326.

C.K. Hamman was die hoof en mej. M.G. Hamman die assistente[1].

In 1895 is die skool oorgeplaas na Roodepoort[2] waar die Skoolkommissie met behulp van die N.H. of G. Gemeente Krugersdorp[3] 'n hout-en-sink-gebou, wat uitgemessel was met roustene, opgerig het op die kerkgrond waar die N.G. kerkgebou vandag staan[4]. Toe inspekteur Moora in 1896 die skool geïnspekteer het, was daar 67 leerlinge en is Hamman bygestaan deur mejj. M.G. Hamman en M.C. Mason. In die volgende twee jaar het die hoof P.J. Malan as assistent gehad[5]. As gevolg van die oorlogsverklaring is die skool gesluit.

Onder leiding van ds. J.F. Naude is daar in 1918 'n Afrikaansmediumskool op Roodepoort geopen. Op 19 April 1918 het H.J. Carter in sy skooljoernaal aangeteken dat 'n Hollandsmediumskool gestig is en dat Hollandssprekende kinders gekom en gegaan het. Volgens 'n aantekening op 30 April 1918 is ongeveer 150 van die skool se leerlinge by die Hollandsmediumskool ingeskryf.

Daar was heelwat stryd oor die nuwe skoolgebou wat op Roodepoort-Noord opgerig is om die kinders van die noordelike deel van die dorp te huisves.

Op die eerste bladsy van die skooljoernaal van die „Roodepoort Afrikaner Skool", wat op aanbeveling van die Witwatersrand-Wes-Skoolraad in 1921 Roodepoort-Noord-Afrikaansmediumskool geword het, omdat die Departement van Onderwys eersgenoemde naam nie wou goedkeur nie[6] staan

---

1. Verslag Superintendent van Onderwys 1894, Lys van skole en onderwysers.
2. Ibid., Inspeksierapport.
3. Notulen der Kerkeraadsvergaderingen van de N.H. of G. Gemeente, Krugersdorp, 118.
4. Meegedeel deur D.J. de Kock.
5. Verslag Superintendent van Onderwys 1896 - 1898, Inspeksierapporte.
6. Minutes Witwatersrand West School Board, 16.3.1921.

aangeteken:

> „23 Juni 1918: Deze niewe school, met Afrik.-Holl. medium van Onderwijs, word heropend, na, om zekere redenen, geheel afgescheiden te zijn van de nieuwe Roodepoort-Noord school (Wnd. Hoofd Mr. Taylor). Tijd. Hoofd is mevr. A. Naude; tijd. ass.n. mevr. Els, Mhr. v.d. Mark, mevr. v.d. Hoff. De lessen worden gegeven in't (kerk) gebouw der Ned. Herv. of Ger. Kerk.
> 29 Juli. 'Nieuw-benoemde waarnemende Hoofd, Mhr. A. van Haaften, arriveert, neemt de organizatie en administratie over en geeft onderwijs in stds. lV, V en Vl".

Die skoolmeubels was onvoldoende, en die meeste leerlinge moes op die kerkbanke sit en het dus geen skryflessenaars gehad nie[1].

Op 26 Augustus 1918 het die ouers ds. J.F. Naude, J.D. Pretorius, H.J.S. Theron, W. Morton, A.A. van Wijk, J.L. van Wijk en J.C. du Plessis gekies om op die Skoolkommissie te dien. Ds. Naude is benoem tot voorsitter en sekretaris. Op die eerste vergadering van die Kommissie het ds. Naude in verband met die stryd om die skool te verkry onder andere gesê:

> „Dis nou ruim 'n jaar dat ons die strijd aangeknoop het, vir ons taalregte op onderwijs gebied, regte wat ons bij die wet toegeken is, maar wat ons nieteenstaande verskeie petisies, in werklikheid nog nie verleen is. Deur die seën van die Heer het ons die ongelijke strijd volgehou en een oorwinning na die ander behaal oor 'n onsimpatieke skoolraad en nie te simpatieke onderwijs Departement"[2].

Een van hulle grootste oorwinnings was

---

1. Roodepoort-Noord-Afrikaansmediumskool, Joernaalinskrywing.
2. Notule Skoolkommissie „Roodepoort Afrikaner skool", 29.8.'18.

> „... dat ons, ons afrikaanse kinders afsonderlik het en kan opvoed deur medium van hul moedertaal, waardeur die natuurlike ontwikkeling van onse kinders dan tog versekerd is"[1].

Die Kommissie het besluit dat Afrikaans die taal sou wees waarvan hulle hulle bedien en dat hulle van die Skoolraad verwag om hulle briewe in Afrikaans of Hollands te beantwoord. Die Kommissie het maandeliks byeengekom en hulle beywer om alle Afrikaanssprekende kinders wat nog in die Engelsmediumskool was, by hulle skool ingeskryf te kry[2].

Die Afrikaners het daarin geslaag om die nuwe skoolgebou wat op Roodepoort-Noord opgerig is, vir hulle te verkry, en op 27 September 1918 is die standerd 3-, 4-, 5- en 6-leerlinge daarheen oorgeplaas[3].

Aan die einde van die stigtingsjaar is met 166 leerlinge gesluit. Aan die begin van 1919 was daar 172 op die rol en het die personeel bestaan uit A. van Haaften, wat nog waargeneem het as hoof, L.J. Erasmus, mejj. E. Joubert, K. le Roux en M. Fourie.

Op 8 April 1919 het J.E. Rossouw die hoof van die skool geword en onder sy leiding het hierdie eerste suiwer Afrikaansmediumskool op die Wes-Rand 'n bloeiperiode beleef. In die loop van daardie jaar is daar drie klaskamers aangebou en kon ook die laer afdeling van die skool daarheen oorgeplaas word.

Inspekteur Kerrich wat die skool in Oktober 1920 geïnspekteer het, was baie in sy skik met die werk wat gedoen is en veral met die Engels van die standerd 6-leerlinge:

---

1. Notule Skoolkommissie „Roodepoort Afrikaner skool", 29.8.'18.
2. Ibid., verskillende datums.
3. Roodepoort-Noord-Afrikaansmediumskool, Joernaalinskrywings.

„These pupils are all taking senior English and their work is most creditable, especially the English conversation in which they show considerable fluency"[1].

Talle Afrikaanssprekende leerlinge op Roodepoort en ander dorpe op die Witwatersrand het nog die Engelsmedium-skole besoek. Ten einde die ouers tot ander insigte te bring het die hoof 'n pamflet oor moedertaalonderwys opgestel wat met enige wysigings deur die Kring van Afrikaanse Skoolhoofde op die Rand goedgekeur en uitgegee is[2]. Hierdie pamflet het ongetwyfeld sy doel gedien, want die inskrywing het vermeerder en in 1921 die tweehonderdtal oorskry, sodat daar weer aangebou moes word.

Aan die begin van 1927 was die inskrywing naby driehonderd. In 1929 is twee klaskamers aangebou, maar nog was daar nie voldoende klaskamers nie en moes 'n graad 1-klas nog in die kerksaal bly.

In die skool is hard gewerk, en herhaaldelik is in inspeksierapporte melding gemaak van die hoë peil wat bereik is.

Aan die begin van 1936 was J.E. Rossouw (hoof), die dames H. le Roux, S. du Plessis, A. Viljoen, M. de Witt, J.E. van Ellewee en die here J.P. du Toit, D.J. Rossouw, P.R. Kotze en D.Z. Visser hier werksaam[3]. Aan die einde van daardie jaar was daar 347 leerlinge in die skool en 11 onderwysers op die personeel[4].

---

1. Roodepoort-Noord-Afrikaansmediumskool, Joernaalinskrywing.
2. <u>Moedertaal Onderwys</u>, Pamflet uitgegee deur die Hoofde van die Afrikaansmediumskole op die Rand.
3. Roodepoort-Noord-Afrikaansmediumskool, Joernaalinskrywings.
4. Ibid., Kwartaalstaat 1.12.1936.